# CHRISTELIK-NASIONAAL:

# OUTENTIEKE, IDEOLOGIESE OF GESEKULARISEERDE NASIONALISME?

## Die inslag van die Calvinisme in Suid-Afrika gedurende die periode 1877 tot 1910

Prof. M. Elaine Botha

Instituut vir Reformatoriese Studie
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
1982

V 82/5180

*WETENSKAPLIKE BYDRAES* **VAN DIE PU VIR CHO**
**Reeks F: Instituut vir Reformatoriese Studie**
**Reeks F5: Studies oor die inslag van die Calvinisme in Suid-Afrika, nr. 10.**

ISBN 0 86990 670 4

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van die koste van hierdie navorsing word hierby erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

# INHOUDSOPGAWE


**1. INLEIDEND** .......... 1
1.1 Probleemstelling .......... 1
1.2 Uitgangspunt .......... 4
1.3 Verskillende vorme van Calvinisme .......... 5

**2. INVLOEDE VANUIT NEDERLAND** .......... 8
2.1 Anti-revolusionêre politiek en Christelik-nasionale onderwys in Nederland .......... 10
2.1.1 Mr. G. Groen van Prinsterer .......... 10
2.1.2 Abraham Kuyper: Eksponent van antitetiese, prinsipiële politiek .......... 14

**3. KUYPERIAANSE CALVINISME IN SUID-AFRIKA** .......... 18
3.1 Calvinisme: Die stryd op kerklike erf .......... 19
3.2 Die antitese op politieke terrein .......... 24
3.3 Die antitese in die onderwys .......... 32

**4. CHRISTELIK-NASIONAAL: OUTENTIEKE, IDEOLOGIESE OF GESEKULARISEERDE NASIONALISME?** .......... 41
4.1 Kuyperiaanse Calvinisme: Teologiese onderbou vir ontspoorde nasionalisme? .......... 44
4.2 Gesekulariseerde nasionalisme .......... 48
4.3 Ten slotte .......... 51

**BIBLIOGRAFIE** .......... 52

*Hoofstuk 1*

# INLEIDEND

In teenstelling met ander lande wat in die loop van die sestiende en sewentiende eeu deur Europese moondhede gekoloniseer is, en by name in teenstelling met lande wat deur Protestants-Calvinistiese moondhede gekoloniseer is, vertoon Suid-Afrika 'n eiesoortige stempel van Calvinisme wat duidelik van die van ander lande onderskeibaar is. Tog is hierdie nuanse van die Calvinisme moeilik presies omlynbaar en vervloei die lyne daarvan in die loop van die geskiedenis steeds, sodat die presiese gestalte van die Calvinisme die navorser dikwels ontglip.

## 1.1 Probleemstelling

Die onderlinge verbondenheid van twee groot gedagtekomplekse loop soos 'n herkenbare draad deur die geskiedenis van die Afrikanervolk en daarmee saam ook deur die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika. Dit is die konsep van die "Christelike" karakter van die kultuur, lewenstyl en lewensbeskouing van die Afrikaner aan die een kant en, aan die ander kant sy duidelike konsepsie van sy eie nasionaliteit soos dit in kulturele en politieke sin begryp word. Die kataliserende faktore wat daartoe gelei het dat daar tussen hierdie twee groot gedagtekomplekse en historiese werklikhede 'n merkwaardige wederkerige beïnvloeding plaasgevind het, was die konfrontasie met die Britse imperialisme aan die een kant en met die aanvanklike Swart volke van Suider-Afrika aan die ander kant. Ook ander invloede het in hierdie prosesse 'n rol gespeel, sodat daar geleidelik 'n proses plaasgevind het waarin outentiek Christelike beskouinge aangaande volk en kultuur op sinkretistiese wyse elemente opgeneem het wat nie meer met dieselfde gemak as "outentiek Christelik" getipeer kan word nie. Hierdie ontwikkelingsproses was mede die oorsaak van die verskillende aksente wat met verloop van tyd in die Calvinisme in Suider-Afrika tot ontwikkeling gekom het. Ten nouste verstrengel hiermee was 'n ontwikkeling waarin die Christelik-Calvinistiese inslag van die Afrikanervolk geleidelik identiek verklaar is met die wesenlike kulturele en etniese volksbestaan, sodat dit geleidelik begin funksioneer het as 'n vlag wat bykans enige kulturele en politieke lading sou dek, mits dit maar 'n uitingsvorm van een of ander aard van "die volk" is.

Dit is die bedoeling van hierdie studie om enkele historiese faktore wat in hierdie proses deurslaggewend was, uit te lig en te probeer aantoon langs watter kanale die Calvinisme gevloei het en in watter mate beide gedagtekomplekse deur die denkbeelde van die "outentieke Calvinisme" beïnvloed is. In meer resente literatuur oor die Afrikaanse geskiedenis word al hoe sterker klem gelê op die feit dat die Calvinisme juis verantwoordelik sou wees vir die ontwikkeling van 'n tipe "civil religion"* of burgerlike religie waarin die nasionale en die politieke dimensies van die kultuur met 'n soort religieuse mistiek beklee word en waarin godsdienstige uitverkorenheid en nasionale bestemming wisselterme vir dieselfde saak word. So redeneer Dunbar Moodie (1975) dat die wyse waarop die Afrikanervolk sy eie geskiedenis en bestemming interpreteer, geleidelik 'n religieus-ideologiese geladenheid verkry het. Dat daar in hierdie benadering van die selfbeeld van die Afrikaanse volk, sy kultuur en sy geskiedenis elemente van waarheid geleë is, val nie te betwyfel nie, tog is die hipotese van die bestaan van 'n soort "civil religion" as uitvloeisel van die inslag van die Calvinisme nie geheel en al houdbaar nie, omdat daar in hierdie hipotese ten diepste 'n miskenning aanwesig is van die realiteit en die waarde van etnisiteit in die samelewing. Positiewer benaderinge betreffende die inslag van die Calvinisme word gevind in daardie beskouinge waarin die ontstaan en ontwikkeling van die bewuswording van 'n eie nasionale identiteit van die Afrikanervolk juis aan die invloed van die Calvinisme toegeskryf word. In watter mate dit moontlik is om juis hierdie positiewe spore te volg, is in hierdie stadium nog 'n ope vraag. 'n Oppervlakkige blik op die Afrikaanse volksgeskiedenis laat al spoedig blyk dat hoewel die Afrikanervolkswording reeds uit die vroegste nedersettingstyd dateer, die bewuswording van die Afrikaner van sy eie identiteit en sy eie nasionaliteit eintlik 'n produk is van die laat negentiende eeu, waarskynlik daterend vanaf die anneksasie van Transvaal. Sou laasgenoemde hipotese dus waar wees, dan sou die merkbare en aanwysbare invloed van die Calvinisme juis in hierdie periode besonder sterk na vore tree. Natuurlik word daar in verband met die probleem van die datering van die ontstaan van 'n volksbewussyn van die Afrikaner verskillende standpunte aangetref.

* Die term *civil religion* is oorspronklik afkomstig van J.J. Rousseau se *The Social Contract*. (1977), maar word deur Robert N. Bellah in sy *Civil Religion in America, Daedalus,* 96(1), Winter, 1967, in 1967 weer opnuut ingeburger.

Die probleemstelling wat in hierdie studie aandag sal geniet, is die feit dat sterk vormende invloede van die Calvinisme juis in hierdie periode aanwysbaar was en dat hierdie invloede sterk deur die bande met Nederland in die hand gewerk is. Die hipotese is dus dat die invloedslyne van die reeds aanwesige Calvinisme in die Afrikaanse volksbestaan versterk is deur die sogenaamde Neo-Calvinistiese invloede, met name in verband met opvattinge aangaande die aard van 'n Christelike politiek en die idee van Christelik-nasionale onderwys. Hoewel die ontwikkelinge van die Christelike politieke stryd in Nederland en die skoolstryd in Suid-Afrika sekere ooreenkomste vertoon, moet dit duidelik gestel word dat hierdie ontwikkelinge in elk van die lande hulle eie gang en loop geneem het. Tog vertoon hierdie historiese ontwikkelinge interessante parallelle. Die stryd tussen die sogenaamde "confessionele" en die "ethisch-irenesche" rigting in die onderwys in Nederland skyn in Suid-Afrika tog ook 'n vergelykbare ontwikkeling te vind in die stryd tussen die sogenaamde "Murray-type evangelicals" en die "Neo-Kuyperiaanse" Calviniste — om maar 'n kontrasterende tipering van Moodie (1975) oor te neem.

Juis hierdie twee fasette van die kultuur van die Afrikanervolk skyn van die belangrikste geleiers te wees van die stroom van die Calvinisme vanuit Nederland aan die einde van die negentiende en die begin van die twintigste eeu — die periode onder bespreking — terwyl dit op die lang duur juis hierdie twee denkbeelde was wat *nou juis nie* in die Afrikaanse staatslewe en die skoolwese finale beslag gekry het nie. 'n Aparte beweging met die oog op die totstandbrenging van 'n Christelike politiek het Suid-Afrika nie geken nie. Die invloed van die Calvinistiese denkbeelde is gekanaliseer via die bestaande politieke ontwikkelinge en via die stryd om Christelik-nasionale onderwys in sy verskeidenheid van historiese nuanseringe. Geleidelik het die kwalifikasie "Christelik-nasionaal" 'n geykte uitdrukking geword ter tipering van veral die twee genoemde terreine, terwyl dit van die oorspronklike bedoelings van die Nederlandse grondvesters van die denkbeelde weinig egte spore meer vertoon het. As 'n mens die teenstelling tussen hierdie Nederlandse historiese wortels en die eindproduk van die Afrikaanse historiese ontwikkelinge vergelyk, dan wil dit voorkom asof die ontwikkelinge wat in Nederland gekonsipieer is met die oog op die voltrekking van die antitese in die Nederlandse volkslewe, so sterk gekenmerk deur sekularisasie, juis in Suid-Afrika weer ontwikkel het in 'n geleidelike kanonisering en sanksionering van die bestaande orde (of altans Afrikanerorde) tot "Christelik-nasionaal" en as antitese vir die Angli-

serings- en denasionaliseringstendense.

Die tweede faset van die probleemstelling van hierdie studie is die vraag na die redes en oorsake wat hierdie omgekeerde uitwerking binne die Suid-Afrikaanse historiese bestel tot gevolg gehad het. Op die agtergrond van hierdie probleem lê die implisiete of eksplisiete opvatting van die aard van die soewereiniteit van die staat en die onderlinge verhouding van samelewingsverbande soos die staat, volk, nasie en die kerk.

**1.2 Uitgangspunt**

Daar bestaan geen "standaardopvatting" van "die Calvinisme" nie, slegs variasies en interpretasies daarvan. Die Suid-Afrikaanse geskiedenisbeeld vertoon dan ook in die loop van die tyd verskeie gestaltes wat deur verskillende historici en navorsers as "Calvinisme" getipeer word maar wat in vorm en inhoud nogal wyd uiteenlopend is. In die lig hiervan is dit alleen maar eerlik om by voorbaat te stel dat hierdie soort onderwerp metodologies op verskillende wyses benader kan word, met uiteraard uiteenlopende eindresultate. Word byvoorbeeld die beskikbare opvattinge oor Calvinisme, soos dit in die beskikbare literatuur aangetref word, as rigsnoer geneem, dan lei dit tot 'n analise waarin denkbeelde en lewens- en kultuurpraktyke van die mees anabaptistiese en piëtistiese aard tot nasionaal-sosialistiese interpretasies van die begrip "Christelik-nasionaal" as "Calvinisties" getipeer word. In sowel die reële geskiedenisgebeure as in die literatuur en besinning daaroor word die vaandel van die Calvinisme gehanteer om 'n lading te dek wat dikwels radikaal uiteenlopend van aard is. Hierdie probleem, wesenseie aan hierdie onderwerp, kan myns insiens dus slegs gedeeltelik oorkom word deur vooraf te stel dat hierdie navorsing aangepak is met 'n *bepaalde* konsepsie van die Calvinisme in gedagte.

Met *Calvinisme* word in hierdie studie bedoel daardie lewensoortuiging en lewenstyl wat gekenmerk word deur die standpunt dat die volle handelingsbereik van die menslike lewe tot gehoorsaamheid aan die eise van God en sy Woord geroep word. Dit impliseer 'n afwysing van enige lewensinstelling, kultuuretos of lewenspraktyk waarin implisiet of eksplisiet 'n separatistiese instelling van die skeiding van geloof en lewe gehandhaaf word, en positief dat bewus gewerk word aan die toepassing van beginsels wat die vrug van hierdie lewensbeskouing is, op alle lewensterreine. Die doel van hierdie navorsing was om op die spoor te kom van hierdie breë en

omvattende soort Calvinisme.

Hierdie benadering hou dan ook 'n kritiese houding in teenoor die beskikbare analises en interpretasies van wat nou wél as die outentieke Calvinisme in die geskiedenis van die Afrikaner en die bevolking van Suid-Afrika gereken sou moes word. Dit verg weinig beredenering dat hierdie bogenoemde omskrywing van "die Calvinisme" 'n ideaal-tipiese is en dus allermins in 'n suiwer vorm òf in die literatuur òf in die historiese gebeure en ontwikkelinge selfs aangetref sal word. In die lig hiervan blyk dit raadsaam te wees om die kwalifikasie "Calvinisme" eerder spaarsaam as kwistig te gebruik en om ter wille van wetenskaplik sistematiese oorweginge voorlopig van "verskillende vorme" van die Calvinisme te praat waarin die "outentieke" Calvinisme onder meer tot uitdrukking kom. 'n Voorlopige indeling van die verskillende moontlike vorme van Calvinisme wat in hierdie stadium van die studie gemaak kan word, word vervolgens kortliks gerubriseer.

### 1.3 Verskillende vorme van Calvinisme

In 'n globale sin skyn dit moontlik te wees om naas die outentieke Calvinisme drie duidelike aksente te onderskei:
- Calvinisme in die sin van die kerklik-dogmatiese konsepsie;
- Calvinisme as kwalifikasie vir 'n verskeidenheid van opvattinge en lewenspraktyke of vergestaltingsvorme wat deur die kwalifikasie "Christelik-nasionaal" gekenmerk word, 'n vorm wat gerieflikheidshalwe respektiewelik 'n kultureel nasionale of polities nasionale Calvinisme genoem sal word;
- Kuyperiaanse Calvinisme.

Hierdie indeling is bloot skematies ten einde 'n tentatiewe orde in die gegewens te bring. Die rubrieke oorvleuel mekaar op allerlei punte en vloei ook op allerlei punte in mekaar. Die kerklik-dogmatiese vorm van Calvinisme dui sterker op 'n soort Calvinisme wat oor die algemeen met die Protestants-Gereformeerde kerkleer geassosieer word en waarin dit primêr om suiwerheid van leerstellige en Bybelse oortuiginge gaan. Die tweede rubriek is eintlik veel breër en dek die grootste lading van beskikbare stof. Moontlik sou die benaming "Christelik-nasionale" Calvinisme hier ook oorweeg kon word, maar só gebruik is die terme swaarwigtig en sal vir sommige soos 'n toutologie klink. Verder word die kwalifikasie "Christelik-nasionaal" dikwels gebruik ter aanduiding van verskynsels waarin die aksent sterk op die kulturele of op die politieke element geplaas word. Dit

skyn dit noodsaaklik te maak om in hierdie rubriek verder te differensieer. Billikheidshalwe moet hier ook gewys word op die feit dat hierdie term *Christelik-nasionaal* dikwels gebruik word om uitingsvorme van die outentieke Calvinisme te dek. Met "Kuyperiaanse Calvinisme" word bedoel daardie variant van die Calvinisme wat via die invloed van Nederlandse, laat negentiende-eeuse, gereformeerde denkpatrone in Suid-Afrika sy beslag gekry het en later tot 'n Suid-Afrikaanse Calvinisme met 'n eie cachet ontwikkel het.

Met "outentieke Calvinisme" word bedoel daardie ideaaltipiese vorm van die Calvinisme waarin hetsy in oortuiginge of in praktyk gepoog word om gestalte te gee aan die sentrale eis wat deur Calvyn oorspronklik so duidelik geformuleer is, naamlik 'n lêwe deur die Skrif, die geloof en die genade alleen, maar meer nog daardie instelling en lewenspraktyk waarin gepoog word om alle lewensterreine aan die heerskappy en Koningskap van Christus gehoorsaam te maak.

Daar sou met goeie reg en met goeie gronde geredeneer kon word dat die drie eersgenoemde vorme juis probeer om laasgenoemde tot stand te bring. Dit is nie die primêre bedoeling van hierdie studie om te evalueer in hoeverre enige van die genoemde vorme daarin slaag om aan die outentieke Calvinisme beslag te gee nie, maar dit is voor die hand liggend dat die skrywer se implisiete kritiese evaluering in bogenoemde indeling alreeds 'n sterk woord meespreek*. Ter regverdiging van hierdie indeling word ook daarop gewys dat die hoeveelheid literatuur oor hierdie onderwerp so ruim en so oorsigtelik is dat een of ander indelingsbeginsel noodsaaklik is. Dit het al spoedig geblyk dat heelparty detailstudies oor verskillende fasette van die Afrikaanse kultuur, politiek, kerklike lewe en onderwys beskikbaar is waarin die ontwikkelingslyne van die Calvinisme nagespeur word, maar daar skyn juis 'n behoefte te wees aan 'n studie waarin as 't ware op grond van ander indelingsbeginsels of 'n ander benaderingswyse 'n soort dwarsdeursnit deur die meeste van hierdie terreine gemaak word. Om hierdie rede is hierdie besondere

* Hierdie indeling is onder meer noodsaaklik geag omdat verskillende skrywers globale saambreelterme gebruik om *alle* ontwikkelinge in hierdie verband te tipeer. Hexham (1975) praat byvoorbeeld van "totalitarian Calvinism", terwyl Dunbar Moodie (1975, hfst. I) weer myns insiens onkrities alle nuanseringe van die Calvinisme onder die versamelterm "civil religion", 'n ontspoorde vorm van Calvinisme, groepeer.

studie so aangepak dat dit probeer om die "spore" van die Calvinisme oor so 'n breed moontlike terrein na te speur, maar dan die "spore" in die bogenoemde ideaaltipiese sin van die woord.

Ten einde dus op die spoor te kom van daardie vormende invloede wat vanuit Nederland die rigting van die spore van die Calvinisme in Suid-Afrika beïnvloed het, is dit noodsaaklik om eers kortliks by die kultuur- en geskiedenisbeeld van Nederland in die negentiende eeu stil te staan.

*Hoofstuk 2*
# INVLOEDE VANUIT NEDERLAND

Dat daar reeds van voor die volksplanting, daartydens en daarná regstreekse en onregstreekse invloede van die Calvinisme in die Afrikaanse kultuur werksaam was, word algemeen aanvaar en is elders breedvoerig bespreek. Wat wel merkwaardig is, is die feit dat die Nederlandse nedersetting aan die Kaap feitlik die enigste van die Nederlandse koloniale gebiede was wat algaande 'n Christelike en in baie opsigte Calvinistiese kultuur en lewenstyl na vore gebring het. Allerweë word, sonder oorvloedige grond, aanvaar dat die kenmerkende goue draad van die Suid-Afrikaanse Christendom en meer spesifiek die Calvinisme eintlik regstreeks tot die Nederlandse Calvinisme terug te herlei is. Die bronne tot dusver in hierdie studie geraadpleeg toon inderdaad aan dat dit so is, maar ook dat in berekening gebring behoort te word dat nie al die sogenaamde Calvinistiese "bronne" wat vanuit Nederland die Suid-Afrikaanse kultuur beïnvloed het, noodwendig die Suid-Afrikaanse Calvinisme op die regte spoor van ontwikkelinge geplaas het nie. Die Nederlandse Calvinisme soos onder meer beliggaam in die denkbeelde van Abraham Kuyper, het op hulle beurt invloed ondergaan en was die draer van gedagtes wat in verskillende opsigte blyk strydig te wees met die grondgedagte van wat in hierdie studie ideaaltipies "outentieke Calvinisme" genoem word*. Die proses van internalisering van Nederlandse Calvinistiese kultuurwaardes en denkbeelde in Suid-Afrika het daartoe bygedra dat hierdie denkbeelde in die samespel met interne historiese invloede in Suid-Afrika self, ingrypende wysigings ondergaan het.

Besonder belangrik is in hierdie verband die feit dat die periode van die tweede helfte van die negentiende eeu in Nederland veral deur 'n besonder sterk herlewing van die Nederlandse Christelik-nasionalisme gekenmerk is. Hierdie herlewing het veral saamgehang met die herdenking van die afsluiting van die Tagtigerjarige Oorlog teen Spanje in 1648. Die herlewing van die Nederlandse Christelik-nasio-

* Hier word verwys na Skolastieke elemente en die invloed van die Duitse Romantiek (vgl. Dengerink, 1948).

nalisme is egter ook in die hand gewerk deur die verset teen die denkbeelde van die sogenaamde modernisme en liberalisme van die tyd, sodat dit in die studie duidelik word dat die aksent in hierdie denkbeeld veel sterker val op die feit van die Christelike antitese wat hom in die nasionale bestel behoort te voltrek en wat onherroeplik tot 'n skeiding van die geeste in politiek, skool ensovoorts moes voer, as wat die klem geplaas word op die polities-nasionale of kultureel-nasionale komponent van hierdie denkbeeld.

Die historiese omstandighede waarin die Nederlandse Christelik-nasionalisme tot ontwikkeling en bloei kom, is duidelik anders as die omstandighede in Suid-Afrika, maar die merkwaardige is dat juis hierdie denkbeeld soos dit in die idee van die ontwikkeling van 'n Christelike politiek en die Christelike skoolstryd tot vergestalting gekom het, sy beslag in Suid-Afrika kry. Die Suid-Afrikaanse ontwikkelinge op hierdie gebied trek dan ook sekere grondlyne van die Nederlandse grondgedagtes op Suid-Afrikaanse bodem deur. Die twee figure vanuit die Nederlandse Calvinistiese kultuur wat die sterkste invloed in hierdie verband uitgeoefen het, was G. Groen van Prinsterer en Abraham Kuyper. Hierdie twee denkers sou gereken kon word tot die belangrikste eksponente van die Nederlandse Calvinisme wat deur hulle geskrifte, denkbeelde en kontak met Suid-Afrikaners die gang van die ontwikkeling van die Calvinisme in Suid-Afrika beïnvloed het. Miskien sou die belangrikste geleiers van die invloed van die Calvinisme vanuit Nederland soos volg getipeer kon word:

— die invloed van die Nederlandse Gereformeerde en Hervormde Kerke,
— die beïnvloeding van Suid-Afrikaanse studente wat in Nederland getudeer het,
— die kontak tussen Suid-Afrikaanse politici, predikante en onderwysleiers met leidinggewende figure van die Calvinisme in Nederland.

Die weë waarlangs die beïnvloeding sou plaasvind, het geblyk hoofsaaklik die volgende te wees:

— Ten eerste was daar die inslag van 'n lewens- en wêreldbeskouing waarin die ganse spektrum van die menslike lewe gesien is as diensbaar aan God en gebonde aan die eise en die norm van die Woord van God. In die loop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis het hierdie lewenshouding en -praktyk hom duidelik afgegrens van sy teenpool, wat gerieflikheidshalwe as "separatisme" (Stoker, 1951, p. 162) getipeer sou kon word. In die geval van hierdie

laasgenoemde tipe lewenshouding is die geloof primêr met die godsdienstige en geloofslewe in die enger sin van die woord in verband gebring, terwyl die "res" van die maatskaplike, politieke en kulturele lewe implisiet as sekulêr gesien is. In die naspeuring van die ontwikkelingsgang van hierdie een spoor van die Calvinisme het dit geblyk dat hierdie onvoldoende reformatoriese konsepsie, wat in bepaalde historiese fases van die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerke wye aanhang geniet het, 'n subtiele tweedeling van samelewing (volk of kultuur) en kerk in die hand gewerk het. (Vergelyk Hanekom, 1951, met betrekking tot hierdie on-"reformatoriese" tendense.)

— In die tweede plek was daar spesifiek Calvinistiese beskouinge met betrekking tot byvoorbeeld die politiek, die verhouding van kerk en staat en die idee van Christelik-nasionale onderwys, wat veral 'n uitvloeisel van die Nederlandse Calvinisme was.

Aangesien die skoolstryd en die stryd om 'n Christelike politiek in Nederland twee van die belangrikste modelle was wat as voorbeeld vir die inslag van die Calvinisme in Suid-Afrika gedien het, word vervolgens kortliks by hierdie ontwikkelinge in Nederland stilgestaan.

## 2.1 Anti-revolusionêre politiek en Christelike-nasionale onderwys in Nederland

### *2.1.1 Mr. G. Groen van Prinsterer*

Groen van Prinsterer (1801-1876) het veral bekendheid verwerf deur sy formulering van en stryd om 'n Christelik-historiese of anti-revolusionêre standpunt betreffende die onderwys, die kerk en die verhouding van kerk en staat. Hy was daarvan oortuig dat die geskiedenis van die negentiende eeu deur die denkbeelde van die Franse Revolusie beheers word en dat die Christen geroepe was om dit te beveg. Die hoofgedagte van sy Christelik-historiese of anti-revolusionêre beskouinge kan soos volg saamgevat word: Daar bestaan 'n reëlregte verband tussen ongeloof en revolusie. Daar sou selfs gestel kon word dat ongeloof *die* revolusie is en revolusie *die* ongeloof. Revolusie is vir Groen van Prinsterer die omkering van denkwyse en gesindheid van die mense wat op eie krag met tersydestelling van die Woord van God, planne maak en uitvoer. Die hoogmoed van die mens wat vir homself tot 'n wet en norm wil wees, kom voort uit ongeloof, uit die feit dat hy hom nie voor die wette en gebooie van God wil buig nie. Revolusie begin met revolusie teen God, wat uit ongeloof verlaat word (Schutte, 1977, p. 48-51).

In die nasionale en politieke bestel van Nederlend was Groen van Prinsterer 'n besonder sterk voorstander van daardie eenheidsinstellinge (waaronder die skool) waardeur die swaar verworwe eenheid van die Nederlandse volk in stand gehou kon word. Aanvanklik was hy dan ook ten gunste van die handhawing van die owerheidskool, hoewel hy wou hê dat met die verskillende lewensbeskoulike gesindtes binne die staat rekening gehou moes word. Aanvanklik was hy dan ook ten gunste van die handhawing van die eenheid van die Hervormde kerk in Nederland, hoewel hy simpatie gehad het vir die beginsels van die Afskeiding van 1833. In hierdie verband skryf Colijn (s.j.):

> "Niet de vrije school was zijn eigenlijke ideaal; maar de naar gesindheden gesplitste Overheidschool. Niet scheiding *uit,* maar zuivering *van* de hervormde kerk was zijn doel. En dat alles onder den invloed van de beduchtheid voor schade, die zou worden toegebracht aan de eenheidsinstituten van den Staat, onder den ban van de vrees, dat verregaande verbrokkeling moes leiden tot verzwakken van de pas hervonden nationale eenheid".

Aan Groen van Prinsterer kom egter die eer toe dat hy spoediger as die meeste van sy tydgenote ingesien het dat hierdie nasionale eenheidsideaal nie ten alle koste gehandhaaf kon word nie maar dat die geestelike teenstellings juis tekens van gesonde verhoudinge binne die staat was. Hy het self spoedig ingesien dat die eenheidsideaal op die lang duur slegs gehandhaaf sou kon word indien die bereidheid bestaan het om die lewenskrag van die Christelike beginsel, in Nederlands Calvinistiese sin, prys te gee (Colijn, s.j., p. 5).

Vir Groen van Prinsterer het "Christelijk-nationaal" beteken dat "Godsdienstigheid de heersende en vormende trek van het nationaal karakter ... is geweest"*. Groen van Prinsterer verklaar dan ook onomwonde dat die nasionale geloof die Christelike geloof is en die nasionale onderwys die Christelike onderwys, die nasionale wetgewing die Christelike wetgewing. "Nederland is een Christelijk land, waarin eerbiediging van het Evangelie het regt en de plicht van overheid en onderdaan is" (Groen van Prinsterer, 1855, p. 14). Vir

* Vgl. ook Kuyper met sy bekende uitspraak: "Calvinisme als grondtoon van ons nationaal karakter".

Groen van Prinsterer was die primaat van die Christelike dus die wesenlike, selfs in die sin dat wanneer hy sien dat die appèl op die evangelie in die volksbestel al hoe minder instemming vind en sy aanvanklike bondgenoot en latere opponent, Van der Brugghen, nog wel die gedagte van 'n Christelik-nasionale openbare skool aanhang maar waarby die Christendom nie veel meer as 'n soort eerbetoon aan 'n maatskaplike deug voorstel nie, hy dan die moed van sy oortuiging het om in sy denke oor die onderwys en die staat 'n radikale wending te neem. Hy sê dat hy beurtelings voorstander van tweërlei reëlings was. Eers het hy opgekom vir openbare onderwys ooreenkomstig die godsdienstige behoefte van die nasie. Na 1857 het hy egter gestry om die voorrang van besondere skole.

Groen van Prinsterer het geleidelik tot die erkenning gekom dat die staat as sodanig feitlik godsdiensloos geword het. En dan kan dit aanleiding gee tot die misbruik van die woord *Christelik* wanneer iets as Christelik in stand gehou word terwyl dit in wese nie meer Christelik is nie. Hy sê:

> "Hebben de openbare instellingen het Christelijke karakter verloren, daarnaast moet volkomen vrijheid ter ontwikkeling van individuele veerkracht voor een eigenlijk bestaan ... opdat de Christelijke veerkracht ener Natie, die aan haar geschiedenis indagtig, met den niet-Christelijke staat nog niet homogeen is, door geen opzettelijke en veelzijdige tegenwerking gesmoord wordt" (Van Prinsterer, 1863, p. 2).

Groen het dus duidelik ingesien dat die blywende dekking van die begrip "nasionaal" met die "Christelike" nie langer toelaatbaar was nie, omdat die Christelike as dekmantel gebruik sou kon word en daardeur die nasionale in sy ideologiese uitingsvorme sou gaan dek. Veel eerder wou hy die Nederlandse staat tot 'n godsdienslose staat verklaar, eerder as om op so 'n wyse die Christelike te verkrag. Daarom kies Groen van Prinsterer dan ook vir die ideaal van Christelike onderwys en nie vir openbare onderwys met 'n Christelike karakter nie. In die Nederlandse stryd om die Christelike skool het die prinsipiële verskille tussen Groen van Prinsterer en Van der Brugghen veral in 1857 sterk na vore getree. Ten einde 'n juister beeld van die posisie van Van Prinsterer te verkry, enkele opmerkinge oor die posisie van Van der Brugghen.

Van der Brugghen was 'n aanhanger van wat bekend geword het as die etiese rigting. Die kenmerkende van die sogenaamde "Etisch-

irenische" rigting in Nederland was die vrees vir die politiek. D. Langedijk (1953, p. 183) noem dit heel plasties "politicophobie, vrees voor politiek...". In Van der Brugghen se denke gaan die praktyk van 'n vroom Christelike lewe voor die Christelike leer. Hy ag derhalwe die Christelike politiek onbestaanbaar: die Christendom het geen eie wetenskaplike teorie oor die beste regeringsvorm nie, net so min as wat dit 'n eie landboukunde, rekenkunde of geskiedenis het. Die Christelike geloof sal slegs 'n reinigende en suiwerende invloed hê op elke mens wat in die menslike wetenskap, bedryf of politiek werksaam is. Vir Van der Brugghen is daar geen ruimte vir 'n Christelike staatskool nie. Die belangrike strydpunt tussen hierdie twee beginselstandpunte kom veral duidelik na vore in die ontwerp- laer onderwyswet van die Kabinet van Van der Brugghen in 1857. Van der Brugghen se gedagte was dat die openbare staatskool weer sal oplei tot "alle Christelijke en maatschappelijke deugden..." maar dat daar naas hierdie gemengde, algemeen Christelike skool ook ruimte sou wees vir 'n vrye Christelike skool, wat in bepaalde gevalle owerheidsubsidie kan kry. In die Kamer — die Nederlandse parlement — is die ontwerp van Van der Brugghen aanvaar, maar die gedagte van owerheidsubsidie vir die vrye Christelike skool is afgekeur. Dit het selfs daartoe aanleiding gegee dat Groen van Prinsterer uit die Kamer bedank het.

Die strydpunt van Groen van Prinsterer was die feit dat die staat nie die indruk moes wek dat dit tot alle Christelike deugde sou opvoed, terwyl die staat eintlik nie meer hierdie Christelike karakter waar kon maak nie. Daarom het hy eerder verkies dat die staatskool werklik "neutraal" moes wees. Groen van Prinsterer het, veral later, al hoe sterker op die verset van die sogenaamde "Etisch-irenischen" begin stuit. Hierdie gedagterigting is sterk gevoed deur die denkbeeld van 'n volkskerk en van die Christelike karakter van die nasie en was bang dat die neutralisering van die Nederlandse staatskool die Nederlandse volk aan die ongehinderde heerskappy van die ongeloof sou oorlaat (Schutte, 1977, p. 108). Die kardinale punt in die skoolstryd was dus die vraag in hoeverre die nasie of die staat as "Christelik" beskou kon word en tot in watter stadium hierdie kwalifikasie gehandhaaf moes word. Die belangrike van die bydrae van Groen van Prinsterer op hierdie punt was die feit dat hy tot die insig gekom het dat nasionale eenheid en solidariteit nie voorrang mag geniet bo die eise van die radikale antitese wat die evangelie in die volksbestel bring nie.

Hierdie geskil betreffende die aard van die openbare skool en die Christelike skool vorm 'n integrerende deel van die stryd van die Calvinisme in Nederland, waartoe beide Groen van Prinsterer en Kuyper 'n positiewe bydrae gelewer het. In hierdie skoolstryd is verskuil twee duidelik teenoormekaarstaande lewensbeskouinge, beide wel godsdienstig, selfs gedeeltelik Christelik van oorsprong, maar in reikwydte, invloed en implikasies verskillend van aard. Die twee strominge waarom dit gaan, is die Calvinisme soos beliggaam in die denke van Groen van Prinsterer en Kuyper aan die een kant en die denke van die sogenaamde "Etisch-irenische" rigting aan die ander kant. Van belang is die feit dat hierdie twee denkrigtings ook hulle neerslag in Suid-Afrika gevind het en onder meer die skoolstryd, altans die stryd om Christelike skole, beslissend beïnvloed het. Alvorens die lyne van hierdie ontwikkelinge na Suid-Afrika deurgetrek word, nog eers enkele opmerkinge oor die persoon en denke van Abraham Kuyper.

### *2.1.2 Abraham Kuyper: eksponent van antitetiese, prinsipiële politiek*

Die unieke bydrae van Kuyper tot die Nederlandse kerklike, staatkundige en politieke lewe kan moeilik na waarde geskat word. In hoeverre die denke en die invloed van hierdie groot figuur sy beslag op die Afrikaanse bodem verkry het, is ook heel moeilik presies te bepaal. Regstreekse beïnvloedingslyne is daar wel: Kuyper het intens in Suid-Afrika en die stryd van die Boere teen die magtige Britse Ryk belang gestel. In verskillende van sy werke verwys hy met groot waardering na die Boere van Suid-Afrika en het selfs 'n klein boekie oor die Suid-Afrikaanse krisis geskryf (Kuyper, 1902, p. 312; ibid., 1900). Sy opvattinge oor die verhouding van volkere en die verhouding tussen staat en owerheid, word ook dikwels geïllustreer met verwysing na voorbeelde uit Afrika (vergelyk 1904, p. 70).

Deur sy kontak en korrespondensie met onder andere figure soos S.J. du Toit het heelwat van sy politieke en kultureel-maatskaplike en kerklike oortuiginge ingang in Suid-Afrika gevind. Aan hierdie regstreekse invloede word in 'n volgende afdeling aandag gegee. Die unieke bydrae van Kuyper tot die Nederlandse staatkundige lewe word deur mr. Anema (s.j., p. 82-8) onder drie beginsels saamgevat: Kuyper het die beginsel van organisasie in die politieke lewe gebring, met ander woorde 'n stimulus gegee tot die totstandkoming van politieke partyorganisasie teenoor die individualistiese intellektualistiese grondgedagte waarop dit aanvanklik gerus het. Tweedens het

hy die Nederlandse politieke lewe gedwing tot 'n prinsipiële stellingname met betrekking tot die politieke beginsels wat op die staatkunde van toepassing was. Voor sy tyd was daar natuurlik reeds sprake van beginsels wat aan die politiek ten grondslag lê, maar nie soseer partypolitieke beginsels wat in georganiseerde verband nagestreef word nie. Die derde bydrae wat deur Anema betreffende Kuyper se invloed in die Nederlandse politieke lewe genoem word, is die magtige inwerking van sy religieuse grondgedagte in die Nederlandse politiek. Liberale en konserwatiewe politici van die tyd van Groen van Prinsterer het op die standpunt gestaan dat godsdiens 'n privaatsaak was en alleen vir die "binnekamer" bestem was ("politicophoben" het Groen hulle genoem, met ander woorde mense wat gemeen het dat politiek nie deel van die taak van die Christen uitmaak nie). Hierdie stelling geld natuurlik slegs ten opsigte van daardie rigting waarin geloof primêr tot die individuele sieleheil van die gelowige beperk is. Dat in Nederland die noue en onvermydelike verband tussen religieuse oortuiging en politieke beginsels nie slegs by die aanhangers van Christelike partye nie maar ook ver buite hierdie kringe ingesien en erken is, is te danke aan die oortuigende krag waarmee Kuyper Groen van Prinsterer se geestelike nalatenskap deur woord en daad verryk, verhelder en verbrei het. Op die agtergrond van Kuyper se oortuiginge betreffende die politiek, kerk, skool en universiteit is sy visie van 'n samelewing waarin die beginsel van die antitese konsekwent deurgevoer word en in die proses vorm gegee word aan 'n samelewing waarin die beginsel van soewereiniteit in eie kring gehandhaaf word en die eis van die gehoorsaamheid aan Christelike beginsels vir alle lewensterreine gestand gedoen word (Kuyper, 1976).

Deur verskillende skrywers is die aandag egter daarop gevestig dat Kuyper in sy poging tot die ontwikkeling van 'n Skriftuurlik verantwoorde samelewingsleer nie vry gebly het van invloede wat nie met die grondgedagtes van die Calvinisme te rym is nie. Die aandag word hier vervolgens slegs op enkele trekke gevestig wat van belang is vir die verstaan van die deurwerking van hierdie elemente in die Afrikaanse Calvinisme. In die ontwikkelingslyne van die konsepsie van soewereiniteit in eie kring word daar by Kuyper 'n besonder sterk aksent op die *gesag* van die besondere kringe aangetref. Opmerklik is dit dat Herman Dooyeweerd in sy latere uitwerking van hierdie denkbeeld veel sterker klem lê op die *norm*-karakter van die onderskeie in eie kring soewereine sfere. Oppervlakkig beskou wil dit voorkom asof dit hier maar om 'n geringe aksentverskuiwing gaan, maar wesenlik is hier 'n besonder belangrike prinsipiële saak aan die

orde, naamlik die aksentverlegging van die waarborg en verantwoordelikheid van die denkbeeld van soewereiniteit in eie kring, vanaf die *norm,* waaraan die gesagsdraer ook onderworpe is, na die *gesagsdraer* (Goudzwaard, B. 1977)*. Tereg sê Goudzwaard in hierdie verband dat dit op die oog af maar na 'n minimale verskil lyk, tog het die geringe aksentverlegging verregaande gevolge, want wanneer soewereiniteit in eie kring geïnterpreteer word asof daarmee bedoel word dat die finale seggenskap in enige samelewingsverband by die gesagsdraer rus, dan word die eis van die norm daaraan ondergegeskik gestel**.

'n Tweede belangrike element in die konsepsie van Kuyper wat ook onregstreekse invloed veral op die latere politieke denkbeelde in Suid-Afrika uitgeoefen het, is die organiese volkskonsepsie (Kuyper, 1916, dl. I, p. 145 e.v.). Hy gaan naamlik uit van die onderskeiding tussen die staat as 'n meganiese en die volk as 'n organiese samelewingsverband. Die volke vorm die natuurlike ledemate van die liggaam van die mensheid, terwyl die staat bestem is om tot niet te gaan. Die volk is die onverganklike wese van die staat, wat nie alleen verganklik is nie maar ook meganies van aard is. Dit is 'n tydelike noodverband (Kuyper, 1976, p. 78-109). Die wesenlike doel van die staat is dus om die bestaan en die voortbestaan van die volk moontlik te maak en te verseker. Deur verskillende skrywers is daarop gewys dat hierdie volkskonsepsie besonder sterk onder die invloed van die Romantiese volkskonsepsie van die Idealisme staan en dat hierin onskriftuurlike elemente vermeng is (Dengerink, 1948, p. 150 e.v.). In 'n ruimer teologiese verband vorm hierdie denkbeelde deel van 'n patroon waarin Kuyper se skeppingsidee nog sterk trekke van die aanwesigheid van 'n dichotomistiese skeppingsleer vertoon (Velema, 1957, p. 219 e.v.; Douma, 1966, p. 92). Hierdie tweedeling word dan aan die deurwerking van elemente van die Skolastiek toegeskryf. Uiteraard is in hierdie verband die herkoms van hierdie denkbeelde nie soseer van belang as wat dit van belang is om aan te toon hoe en waar hierdie denkbeelde hulle beslag in die Suid-Afrikaanse Calvinisme gevind het nie.

* Hierdie beklemtoning van die gesag van die volk en die organiese volkskonsepsie werk veral in die denke van N. Diederichs deur. Vgl. ook De Klerk, 1976, p. 204, 214.
** Van Weringh (1967, p. 131) is van mening dat die gesagsopvatting by Kuyper funksioneer as 'n goddelike sanksionering van die reg van die sterkste.

Hoewel die grondliggende gedagtes van Kuyper betreffende die herkoms van rasse, volke en nasies in hierdie verband ook van besondere belang is, word daar in hierdie stadium bloot daarna verwys, sonder om in besonderhede daarop in te gaan. Moontlik het hierdie Kuyperiaanse eksegetiese benadering veel sterker as enige ander denkbeeld* die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse teologiese regverdiging van die beleid van afsonderlike ontwikkeling in die hand gewerk. Baie van die denkbeelde van Kuyper het die Suid-Afrikaanse kultuur in die later dertiger- en veertigerjare via die beïnvloeding deur Herman Dooyeweerd se Wysbegeerte van die Wetsidee binnegedring en het uiteraard ook heel duidelike spore van die Calvinisme tot gevolg gehad. Tog is dit moeilik om aan die indruk te ontkom dat die deurslaggewende invloed van Kuyper uitgegaan het, omdat sy denkbeelde veel breër aansluiting gevind het en waarskynlik oor 'n langer periode in die verskillende fasette van die Afrikaanse kultuur deurgewerk het. Vervolgens word dan stilgestaan by S.J. du Toit as een van die sleutelfigure in die skakeling tussen die Nederlandse en die Suid-Afrikaanse Calvinisme.

* Die deurwerking van hierdie denkbeelde word egter hier nie volledig bespreek nie, omdat die beskikbare navorsingstyd dit nie moontlik gemaak het nie. Vgl. ook Van Weringh, 1967, p. 178.

*Hoofstuk 3*

# KUYPERIAANSE CALVINISME IN SUID-AFRIKA

Die rol wat deur die stryd van die Afrikaner teen die oorheersing deur die Britse taal, kultuur en militêre mag gevoer is, het as 'n belangrike kataliserende faktor diens gedoen wat die aard en kleur van die Kuyperiaanse Calvinisme in Suid-Afrika aansienlik beïnvloed het. Die drie belangrikste kanale waardeur die Calvinisme histories in Suid-Afrika gevloei het, was die kerk, die skool en die politiek. Hierdie kanale was gedurende die grootste deel van die Afrikaanse geskiedenis baie nou ineengestrengel. In die jare waarin die Afrikanervolkswording en -bewuswording sy beslag kry en die Suid-Afrikaanse samelewing midde-in die krisis van oorlog en stryd staan, vervul een persoon 'n belangrike sleutelrol in die kanalisering van by name die Kuyperiaanse denkbeelde na verskillende fasette van die Suid-Afrikaanse samelewing, te wete S.J. du Toit. In die persoon van S.J. du Toit ontmoet ons 'n historiese figuur wat in die politiek, die kerklike ontwikkelinge, die skoolstryd asook in die taal- en kultuurstryd in Suid-Afrika 'n besonder belangrike invloed uitgeoefen het. Een van die belangrikste vormende invloede in sy lewe was die van Pannevis, wat in Julie 1866 aan die Kaap aangekom het en wat verantwoordelik was vir die onderrig van Du Toit in die tale wat hy vir sy teologiese studie nodig gehad het. Die twee ander figure wat sy denke en opvattinge sterk beïnvloed het, was N.J. Hofmeyr en Abraham Kuyper (Scholtz, 1975). Hoewel S.J. du Toit aanvanklik self lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was, het hy hom deur sy hele loopbaan sterk beywer om die sogenaamde Arminiaanse en Remonstrantse trekke van die N.G. Kerk aan die kaak te stel. Veel van sy kritiek was dan ook tereg gerig teen die prediking en denkbeelde van ds. Andrew Murray (jnr.) bekende prediker van die N.G. Kerk. Die twee persone, S.J. du Toit en Andrew Murray, sou eintlik in hierdie ontwikkelingsfase as die prototipe van twee vorme van die Calvinisme gesien kon word*. Die twee pole wat deur hulle denke ver-

* Sommige bronne beweer dat die rigting wat deur Andrew Murray verteenwoordig word, allermins as "Calvinisties" getipeer sou kon word en wél op grond van die feit dat die piëtisme soos vergestalt in Murray se teologie die direkte teenpool van "die Calvinisme" is. Dergelike standpunte kom veral by outeurs voor wat die Calvinisme

teenwoordig word, was die pole waartussen die spanningsveld van die ontwikkeling van die Calvinisme gegroei het. Dit is uiteraard moeilik om afdoende aan te dui watter een van die twee denkrigtinge die sterkste invloed op die ontwikkelinge in die Suid-Afrikaanse politieke, kerklike en maatskaplike lewe uitgeoefen het, maar dit sal aangetoon word dat die spanning tussen hierdie twee vorme van Calvinisme ook in die kulturele en politieke bestel 'n neerslag gevind het.

Ten einde die bydrae van S.J. du Toit duideliker in reliëf te bring word vervolgens eers kortliks stilgestaan by die invloed wat die denke van die meer piëtisties georiënteerde Calvinisme op verskillende terreine uitgeoefen het.

## 3.1 Calvinisme: die stryd op kerklike erf

Reeds sedert die bewuste pogings van lord Charles Somerset om die Afrikanervolk mede met behulp van die invloed van Skotse predikante te angliseer het die piëtistiese herlewingsteologie 'n belangrike invloed in die N.G. Kerk uitgeoefen. Een van die belangrikste figure uit hierdie groep Skotse predikante was die ouere Andrew Murray, wat 'n besonder sterk invloed op die karakter van die Calvinisme in Suid-Afrika uitgeoefen het. Sy een seun, John Murray, was een van die twee professore wat in 1859 aan die Stellenbosche Seminarie benoem is, terwyl 'n tweede seun, Andrew Murray (jnr.), die belangrikste fguur in die Kaapse N.G. Kerk was in die periode van 1860 tot en tydens die Engelse Oorlog. Hierdie Skotse invloed in die N.G. Kerk is versterk deur die kontak met die Hollandse Réveil. Beide

*Voetnoot vervolg van vorige bladsy:*
slegs met die opvattinge en praktyk van veral die Gereformeerde Kerk vereenselwig. Wanneer "die Calvinisme" in ideaaltipiese sin geïnterpreteer word, dan word al die verskillende verskyningsvorme van die Calvinisme op 'n kontinuum geplaas waaruit sal blyk dat sommige vorme inderdaad digterby die ideaaltipiese norme geleë is dan ander. Ek huiwer egter om een vorm van Calvinisme as *die* vorm te tipeer en alle ander vorme dan as afwykingsvorme van die een vorm te beskou.

'n Tweede rede vir hierdie aanpak is die feit dat die "separatistiese denkbeelde" so kenmerkend van die Skotse en Puriteinse Calvinisme elders tog wel as 'n egte variant van die Calvinisme gesien is. Bowendien het voorstanders van die piëtisme hulleself ook as "Calviniste" getipeer. Vgl. "Bekommerd", 1935. Publikasie van 'n artikelreeks in *Die Kerkbode.* 'n Derde rede is die feit dat die Nederlandse Reveil as Calvinisties getipeer word. Vgl. Kuiper en Wolering, 1980, p. 19.

Murraybroers het tydens hulle studie in Utrecht in Nederland met die Réveil kennis gemaak*. Dit is van belang om hier daarop te let dat die Réveil ook 'n belangrike rol gespeel het in die afskeiding van die Greformeerde Kerke van die Hervormde Kerk in Nederland en dat Groen van Prinsterer sterk deur hierdie beweging beïnvloed is. Tog was die uitwerking van hierdie Réveil in Nederland in die Nederlandse en Suid-Afrikaanse kerklike lewe verskillend. Waar die Réveil in Nederland veral teen die liberale modernisme in die teologie en teen die dooie ortodoksie in die kerk gerig was, het die Suid-Afrikaanse "réveil" onder leiding van Murray en andere baie duidelik primêr langs die kanale van persoonlike en kerklike herlewing gevloei. Die Nederlandse Réveil het onder meer deur die toedoen van Kuyper tot 'n hele ontwaking ook in die politieke en maatskaplike lewe gelei. Hoewel die herlewingsbewegings in Suid-Afrika nie tot enige politieke of kulturele vernuwing bygedra het nie, het herlewingsbewegings egter wel 'n belangrike verset teen die dreigende aanslag van teologiese liberalisme verteenwoordig. Juis hierdie Murray-tipe herlewingsbewegings was die teiken van die skerp verset van S.J. du Toit.

S.J. du Toit het die Murray-groep van Metodisme beskuldig en was veral sterk gekant teen die praktyk van bidure, herlewingsprediking en -bewegings en die gesentraliseerde vorm van kerkregering van die N.G. Kerk (Du Toit, 1917, p. 353). In daardie stadium was S.J. du Toit nog self predikant van die N.G. Kerk maar het later die "Gereformeerde Kerke onder die Kruis" in Suid-Afrika bedien (Du Toit, 1917, p. 372). Hierdie gemeentes is later by die Gereformeerde Kerk geïnkorporeer. Vir Murray was dit 'n uitgemaakte saak dat die kerklike terrein van die staat geskei moes wees, omdat die kerk die verantwoordelikheid het om as 'n geestelike liggaam juis die politieke verskille binne die staat te versoen deur die lidmate van die kerk tot die liefde van God en tot broederskap op te voed. Die kerk moet nie in die politiek inmeng nie maar moet mense behulpsaam wees in die toepassing in hulle daaglikse lewe van die groot beginsels van die Woord van God (Du Plessis, 1919, p. 431-2). 'n Studie van die geskrifte van Murray toon dat die toepassing van die Woord van God in die daaglikse lewe iets anders beteken het as dieselfde gedagte vir die Kuyperiaanse Calvinisme.

* Vgl. Kluit, 1970.

Die benadering van Murray het ook sy uitvloeisels gehad met betrekking tot die waardering van nasionalisme. Van Andrew Murray is gesê dat selfs die geringste sweem van Afrikaanse nasionalisme aan hom volkome vreemd was (Scholtz, 1977, dl. IV, p. 118). Dit is egter 'n bekende feit dat hy tydens die Tweede Vryheidsoorlog die kant van die Republieke gekies het (Scholtz, 1974, dl. III, p. 121). Die denkbeelde van Abraham Kuyper het egter kennelik veel minder invloed in die N.G. Kerk as in die Gereformeerde Kerk gehad. Dit sou aan verskillende faktore toegeskryf kon word. Die naam van Kuyper was sterk gekoppel aan die van S.J. du Toit. Dit het Kuyper in die oë van die sommige leidinggewende groepe in die N.G. Kerk verdag gemaak*. S.J. du Toit was kerklik en andersins 'n omstrede figuur. Hoewel daar tussen Kuyper en die Gereformeerde Kerk sterker regstreekse beïnvloeding plaasgevind het, het dit primêr deur die toedoen van S.J. du Toit geskied. Die Gereformeerde Kerk het nouliks van die lotgevalle van Kuyper kennis geneem. In *De Maandbode* van die Gereformeerde Kerk is die naam van Kuyper die eerste keer in 1886 genoem toe daar iets van hom uit *Di Patriot* van die vorige jaar oorgeneem is. *Die Kerkbode* van die N.G. Kerk daarenteen het reeds in 1871 twee artikels van Kuyper oor die uitverkiesing geplaas (Scholtz, 1975, p. 256). Tog het elemente van die teologiese denkbeelde van Kuyper wel die teologie van sowel die Nederduitse Gereformeerde Kerk as die Gereformeerde Kerk beïnvloed**.

Opsommend kan hier dus gestel word dat hoewel die (Skotse en Nederlandse) Réveil die gemeenskaplike groeibodem was vir die Calvinisme van beide Murray en S.J. du Toit, het die ontwikkelingslyne van hierdie twee rigtings tog duidelik langs die lyn van die maatskaplik-kulturele en politieke implikasies van die geloof uiteengeloop. Die "eties-irenies" georiënteerde piëtisme van Murray was nie in die sosiaal-politieke dimensie van die evangelie geïnteresseerd

* F. Lion-Cachet skryf in een van sy briewe aan Kuyper in verband met die stryd tussen die "Gereformeerden" en die Stellenboschse "Irenische" groep (onder wie ene prof. Marais): "Prof. Marais lijdt zeer aan mania- anti-Kuyperia..." Hierdie selfde Marais sien volgens 'n brief van Lion-Cachet op 5 April 1882 geen heil in die Vrije Universiteit van Amsterdam nie en sou die "jongelinge" wou afskrik om daar te studeer (vgl. korrespondensie van Lion-Cachet met A. Kuyper, 11 Junie 1883. Kuyper-archief, Vrije Universiteit, Amsterdam).

** Hier word veral verwys na denkbeelde betreffende die verbond, volk, nasie en staat, asook die verwerking vir Suid-Afrikaanse omstandighede van sy opvatting oor soewereiniteit in eie kring.

nie maar primêr in die individueel persoonlike sieleheil en kerklike "herlewing" en het in die maatskaplike lewe belang gestel in soverre morele, religieuse en barmhartigheidskwessies op die spel was. Die Kuyperjaanse Calvinisme, daarenteen, was eksplisiet geïnteresseerd in die reikwydte van die evangelie ook in die sosiaal-politiese lewe. Tog het veral die N.G. Kerk allermins vreemd gestaan teenoor die nood van die Afrikanerbevolking tydens die Eerste en Tweede Vryheidsoorlog en in die periode daarna*. Die N.G. Kerk het hom aktief met die lot van die noodlydendes bemoei, omdat dit gesien is as die verlengstuk van die sorg vir die "sieleheil" van die mens. Omdat hierdie noodlydendes Afrikaanssprekend was en ook omdat hulle hoofsaaklik lidmate van die Kerk was, is subtiel aanvaar dat die saak van "die volk" ook die saak van die kerk is. Daar was 'n besonder sterk vereenselwiging met die groeiende nasionale bewuswording van die Afrikanervolk. Hierin was die kerk ook grotendeels die bemiddelende faktor. In die proses is al hoe sterker die etiket van "volkskerk" met name aan die N.G. Kerk gekoppel — 'n etiket wat die kerk hom in die lig van die kulturele en maatskaplike omstandighede van die tyd laat welgeval het. Dit sou onjuis wees om hierdie bemoeienis van die N.G. Kerk ook met die stryd om Christelik-nasionale onderwys en die taal-en kultuurstryd as onCalvinisties te sien. Dit was beslis nie die *antitese-tipe Calvinisme* van Kuyper wat hier deurgewerk het nie. Daarvan was die kerklike tradisie van die Gereformeerde Kerk veel sterker die draer en verteenwoordiger**. Dit was egter wel 'n breër konsepsie van die kerklike taak as bloot die versorging van die sieleheil van die individuele gelowige wat so sterk in die Murray-ideale op die voorgrond getree het. Omdat die staat vyandig was teenoor die behoeftes van die noodlydende bevolking, dit selfs deur die beleid van anglisering en denasionalisering in die hand gewerk het, het die kerke haas geen keuse gehad anders as om sy eie

* Die bydrae van die N.G. kerk tot die volksorg van die Afrikaner is breedvoerig bespreek in: Botha, 1970.

** Tog is dit baie belangrik dat daarop gelet word dat die Gereformeerde Kerk allermins dadelik die gedagte van Christelike politiek aanvaar het. Hexham (1975, p. 60) wys daarop dat in *De Maandbode* van 1874 'n artikel verskyn waarin vir die skeiding van godsdiens en die politiek gepleit word. Hy verwys na *De Maandbode* van 1/3/1874, maar dit is nie duidelik of dit hier om 'n kerklike uitspraak, 'n redaksionele artikel of 'n ingesonde stuk gaan nie. Eers in die daaropvolgende jaar het *De Maandbode* die regeringsbeleid met betrekking tot nie-sektariese onderwys aangeval en daarop gewys dat die skole van die Kaapkolonie altyd kerkskole was en dan ook so behoort te bly (*De Maandbode*, 1/11/1875; vgl. Hexham, 1975, p. 60).

soewereine sfeer te oorskry nie en om die "maatskaplike terrein" te betree nie. Hierdie beweging was egter die beweging van die kerk as instituut op die terrein van die samelewing en nie die deurwerking van die aktiwiteit van die "kerk-as-organisme" (om 'n gewraakte term van Kuyper te gebruik) op die terrein van die nie-kerklike samelewing nie. Hoe besonder waardevol hierdie aksie van die kerk ook al was, dit was allermins 'n deur- en uitwerking van die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Die kerk was nog steeds van oordeel dat die partypolitiek 'n terrein was waarop die kerk hom liewer nie moes begewe nie. Die kerk se taak is primêr gesien as die voorbereiding van lidmate om hulle lig in die maatskaplike lewe te laat skyn, maar hierdie taak is so geïnterpreteer dat dit nie politieke aksie vanuit Christelike perspektief geïmpliseer het nie.

Die "kultuurpolitiek" of "volkspolitiek" is egter wel as geoorloofde terrein beskou wat deur die kerk betree moes word. So het algaande die nasionale en kulturele aspirasies van die Afrikanervolk ontwikkel. Hierdie ontwikkeling was nie slegs verstaanbaar nie maar waarskynlik onvermydelik. Dit het egter wel die identifisering van kerk en volk of volk en Christendom in die hand gewerk — 'n proses wat later tydens die Rebellie en depressie en die uiteindelike oorwinning van die Nasionale Party in die politiek in 1948 tot 'n situasie voer waarin die denkbeeld van die volkskerk so sterk posgevat het dat die gedagte van die antitese tussen geloof en ongeloof in en op nasionaal-politieke terrein vir vele haas ondenkbaar was. Hierdie identifikasie van kerk en volk word teologies ondersteun deur die Suid-Afrikaanse verwerking van die denkbeelde uit die tradisie van Abraham Kuyper. Juis die minder Calvinistiese elemente in sy denke, naamlik die Romantiese, organiese volkskonsepsie, speel in hierdie verband 'n deurslaggewende rol*. Die lyn van beïnvloeding vanaf die Kuyperiaanse Calvinisme, wat deur sowel die Kuyperiaanse Calviniste in Suid-Afrika as die Murray-tipe piëtisme gedeel word, is die denkbeelde met betrekking tot volk, nasie (en staat). Hierdie denkbeelde sal verder aandag geniet in die afdeling wat oor die rol van die "Christelik-nasionaal"-denkbeeld in die Afrikaanse kultuur en geskiedenis handel. Alvorens aandag aan hierdie lyne gegee word, word vervolgens kortliks stilgestaan by die enkele ander manifestasies van die Kuyperiaanse Calvinisme in die staatkundige lewe in die periode onder bespreking.

* Hierdie invloedslyn behoort verder uitgewerk te word. Hier word volstaan met 'n verwysing na die besprekinge hiervan Deur Dengerink, 1948, en Van Weringh, 1967.

### 3.2 Die antitese op politieke terrein

In Nederland het die Calvinisme veral sy invloed sterk laat geld via die denkbeeld van die "antitese". Hierdie denkbeeld, so goed deur Abraham Kuyper verwoord, het in die kulturele en maatskaplike lewe in Nederland in die vorm van "verzuiling" na vore getree, dit wil sê die organisering van die politieke, sosiale en kulturele lewe en die onderwys langs die lyne van konfessionele oortuigings. Ten nouste hieraan verbonde was, in die Kuyperiaanse tradisie van die Calvinisme, die gedagte van soewereiniteit in eie kring van die onderskeie samelewingsverbande, wat die skeiding tussen kerk en staat geïmpliseer het. Die samelewingsbestel wat so tot stand gekom het, is een waarvan die pluralisme kenmerkend was. Met "pluralisme" word bedoel die erkenning van die feit dat lewensbeskoulike differensiasie in die politieke lewe en in die onderwys tot uitdrukking sou kom. In hierdie studie sal die invloed van die Calvinisme in die politieke bestel dan veral gesoek word in die aan- of afwesigheid van hierdie beginsel van pluralisme met sy drie fasette, te wete soewereiniteit in eie kring van samelewingsverbande, skeiding van staat en kerk en ruimte vir konfessionele differensiasie veral in die onderwys, hetsy mét of sonder staatsteun.

Histories het die Calvinisme hom egter in die Suid-Afrikaanse staatkundige lewe primêr langs die weg van die Republikeinse staatsideaal vergestalt. Hiervan was die denke en politieke beleid van staatspresident Paul Kruger seker die duidelikste openbaring. In sy werkie *Op diè spoor van die Calvinisme* (1916) wys J.A. du Plessis op die rol wat die Calvinisme na sy mening in die staatsbeskouing van Paul Kruger gespeel het. Hy wys daarop dat Paul Kruger deurdronge was van die beginsel dat die staatsgesag aan die gesag van God onderworpe is. In Kruger se staatsbeskouing was die volk die hoogste gesag in die staat, maar dan moes hierdie gesag van die volk ondergeskik gestel word aan die gesag van God, anders sou die demokratiese staat tot 'n anargie verval (Du Plessis, 1916, p. 26). Vir Paul Kruger was die staat aan die ordinansies van God gebonde, maar die wyse waarop dit tot vergestalting gekom het, was deur die *gesag* van die staat. Die republikeinse staatsideaal het dus twee kernelemente geherberg: die *volk* as die hoogste gesag in die staat en die staatsgesag onderworpe aan dié van God*. Hierdie beklemtoning

* Meer navorsing betreffende die rol van die denkbeeld van volksgesag in die staatsfilosofie van Kruger is noodsaaklik.

van die *gesag* van die *volk* in die staatsbestel blyk later van die belangrikste boustene in die politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika te wees. Hierdie denkbeelde kanaliseer dan ook verskeie aksente van die Calvinisme. Du Plessis (1916, p. 20) beweer dat die republikeinse strewe (dit wil sê die vryheid en selfstandigheid van die volk) ook deur Calvyn gepropageer is. (Hy verwys in hierdie verband na Kuyper se Stone-lezingen, p. 74.) Hierby inbegrepe, beweer Du Plessis was egter ook die aanvaarding van die beginsel van soewereiniteit in eie kring, "... so het die Kerk haar eie kring, so is ook die huisgesin 'n eie kring *met soewereine gesag*". (Ek kursiveer; let op die beklemtoning van gesag — MEB.)

Wanneer *Die Afrikanerbond* tot stand kom en S.J. du Toit aan die formulering van 'n politieke geloofsbelydenis begin werk — wat die uitdrukking van die Calvinisme sou wees —, dan is die belangrikste komponente van hierdie visie reeds fragmentaries in die republikeinse staatsfilosofie aanwesig. S.J. du Toit kanaliseer dan die politieke denkbeelde van die Kuyperiaanse Calvinisme in die politiek via die *Program van beginselen van de Nationale Partij,* waarvan hy die konsep opgestel het. Twee belangrike sake moet hier in berekening gebring word. Eerstens is die poltieke konteks waarbinne S.J. du Toit hierdie program van beginsels formuleer en loods, radikaal verskillend van die politieke konteks waarbinne die Program aanvanklik deur Kuyper geformuleer en in praktyk gebring is. Die mosaïkbeeld van die Nederlandse politiek en dié van Suid-Afrika het baie vlakke van ooreenstemming gehad, maar die geheelbeeld was drasties verskillend en wel om historiese redes. Die stryd teen kolonialisme en imperialisme was nie deel van die historiese agtergrond van Kuyper se *Program van beginselen* nie, terwyl dit beslis 'n belangrike faktor was teen die agtergrond waarvan Du Toit se *Program van beginselen* in Suid-Afrika geformuleer is en uiteindelik ook moes funksioneer. Die kernelement van die Program in die Nederlandse opset was die vormgewing aan 'n konfessionele posisie in die politiek wat uitdrukking van die antitese moes wees in die Nederlandse volksbestel. Dit sal blyk dat juis hierdie element vir die Afrikanerbond en met name vir "Onze Jan" Hofmeyr onaanvaarbaar was en metterdaad dan ook uitgeskakel was uit die finale Program wat deur die Afrikanerbond aanvaar is. Die "politieke teenpool", naamlik die humanisme, wat die hele karakter van die Nederlandse Program bepaal het, is in Suid-Afrika grotendeels deur die antitese teenoor die Britse imperialisme vervang, terwyl kennelik as onomstrede vooronderstelling aanvaar is dat die Afrikanervolk "Christelik" is.

Daar is egter ook 'n tweede gebied waarin die stroom van die Calvinisme sowel in Nederland as in Suid-Afrika gevloei het en wat duidelik verskillende konfigurasies tot gevolg gehad het, naamlik die onderwys. Die skoolstryd was in Nederland, naas die aparte Anti-Revolusionêre politieke party, die belangrikste uitdrukkingsvorm van die Calvinisme. Ook in Suid-Afrika het die stryd om Christelike skole 'n kardinale rol vervul. Tog funksioneer hierdie stryd nie volledig as uitdrukkingsvorm van die religieuse antitese nie maar ook as uitdrukkingsvorm van veral die kulturele en nasionale "antitese" tussen Boer en Brit. Alvorens egter by die invloed en die deurwerking van die Calvinisme op onderwysgebied stilgestaan word, word vervolgens eers aandag geskenk aan die rol wat Calvinistiese denkbeelde in die vroeë ontwikkelingsjare van die politiek in Suid-Afrika gespeel het. Hierdie ontwikkeling kan slegs teen die agtergrond van die taal- en kultuurstryd van die Afrikaner in die juiste perspektief gesien word.

Onlosmaaklik verbonde aan die stryd om seggenskap in die opvoeding en skoling van die kind was die stryd om die erkenning en die handhawing van die Afrikaanse taal. In hierdie hele beweging het S.J. du Toit 'n belangrike rol gespeel. Met Du Toit se aanvaarding van 'n beroep na Noorder-Paarl, 'n gemeente wat as gevolg van meningsverskille oor die noodsaaklikheid van godsdienstige onderrig vir die kinders tot stand gekom het, ontstaan daar feitlik onmiddellik die *Genootskap van Regte Afrikaners.* Die hoofdoel van hierdie liggaam was die propagering van Afrikaans as taal, maar hierdie taalstryd het 'n veel meer grondliggende motivering gehad, naamlik "... the Afrikaans language was also the vehicle of a bigger ideal, as yet only vaguely formulated, which involved the self-conscious cultivation of a distinctive Afrikaner-outlook rooted in the religion and history of the people, to be attained by an all-embracing programme of popular education" (Davenport, 1965, p. 31)*.

Wat hierdie proses van volksopvoeding betref, was die uitgangspunt van die GRA die idee van Christelik-nasionale opvoeding, soos in Nederland aanvanklik gekonsipieer met die totstandkoming van die *Vereniging van Christelijk-Nationaal Onderwijs* in 1860 en wat in Suid-Afrika deur die toedoen van ds. G.W.A. van der Lingen van die

* Vgl. Botha (1970) vir 'n breedvoerige uiteensetting van die rol van die taal- en kultuurbewegings as reaksie teen die proses van denasionalisering en anglisering van owerheidsweë.

Paarlse Gimnasium-invloed verwerf het. S.J. du Toit het met sy publikasie van *De Christelijke school in haar verhouding tot kerk en staat* in 1876 twee hoofdoelwitte in gedagte gehad, naamlik om die invloed van die kerk oor die denke van die jeug te behou deur die aanvaarding van die beginsel van konfessionele onderrig in die skole en die beskerming van die denke van die jeug van die kulturele oorheersing deur die Engelse (Davenport, 1965, p. 32). Histories het hierdie twee sake dus feitlik deurgaans hand aan hand gegaan, sodat die opvatting geleidelik posvat dat die stryd om die handhawing van die *nasionale* en *historiese* karakter van die Afrikanervolk dan ook sinoniem is met die handhawing van die *Christelike* karakter daarvan.

Die taalstryd was onregstreeks verantwoordelik vir die ontwikkeling van 'n eie Afrikanergeoriënteerde politieke groepering, *Die Afrikanerbond.* Die Afrikanerbond het uit die werk van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) ontwikkel. Die doel van die Genootskap (GRA), wat in 1875 gestig is, was "om te staan ver ons Taal, ons Nasie en ons Land" (Van der Walt, 1966, p. 330). Dit was 'n wye en onverbloemde nasionalistiese strewe en het allerlei politieke implikasies ingehou, alhoewel die Genootskap nooit aktief aan die politiek deelgeneem het nie. Die Afrikanerbond was die eerste volwaardige politieke party in die Kaapkolonie. Die arbeid wat S.J. du Toit met betrekking tot die GRA en *Di Patriot* onderneem het, het dus as 't ware vanself na die politiek gelei, en as politieke leier het hy veel daartoe bygedra om die Afrikaners in die Kaapkolonie in die politiek te laat belang stel en 'n gevoel van nasionalisme by hulle aan te wakker (Scholtz, 1975, p. 122). In die loop van die eerste jaargang van *Di Patriot* wat in 1876 verskyn het, het daar geen noemenswaardige stukke verskyn nie, maar na 1877 het hierdie blad al hoe meer 'n politieke orgaan geword. Die *Program van beginselen* opgestel deur S.J. du Toit op die model van die Program van die Anti-Revolusionêre Party in Nederland is in *Di Patriot* gedruk*. Twee maande later is dit in *De Volkstem* gepubliseer en in Mei 1882 op 'n kongres van die Bonds-

* Du Toit skryf aan Kuyper: "Ons Program heb ik gewijzigd, ook voor Zuid-Afrika het 'onze' gemaakt, althans: ik twijfel geenzins of het zal in hoofdzaak alhier overgenomen worden" (S.J. du Toit aan A. Kuyper, 6-6-1882, volgens D.A. Scholtz, 1975, p. 135). S.J. du Toit skryf op 6 Julie 1882 aan A. Kuyper: "Een ding is zeker, voor onze Gereformeerde, antirevolutionaire beginselen moeten wij 't van de *Patriot*-party hebben" (Kuyper-Archief, Vrije Universiteit, Amsterdam).

takke in Transvaal as beleidsbasis aanvaar. Die Kaapse Bond het dit egter as gevolg van die invloed van Hofmeyr verwerp. *Ons Program* kan gesien word as die eerste politieke geloofsbelydenis wat deur 'n Afrikaner opgestel is. Die uiteindelike beslag wat hierdie Program gekry het, was die eindresultaat van die kragveld van twee politieke pole: aan die een kant die Kuyperiaans-Calvinistiese band van Du Toit met die ARP en Kuyper in Nederland en andersyds die denke van J.H. Hofmeyr ("Onze Jan").

Du Toit en Kuyper het hulle gedagtegoed by dieselfde bronne gevind, naamlik Da Costa, Bilderdijk en Groen van Prinsterer. Dit was ook die geval met ds. G.W.A. van der Lingen. Hierdie denkbeelde is veral via die Gimnasium van Van der Lingen in die Paarl uitgedra en het langs hierdie weg Du Toit dan ook sterk beïnvloed. S.J. du Toit het Kuyper in 1880 persoonlik ontmoet en is besonder sterk deur sy denke beïnvloed (Scholtz, 1975, p. 136). Hierdie beïnvloeding blyk uit 'n vergelyking van die twee politieke programme wat, afgesien van drie artikels, haas woordeliks ooreenstem. Die Afrikanerbond was ook 'n poging om tot 'n bewuste partyorganisasie op Calvinistiese grondslag te kom. Op 'n Bondskongres in 1889 is twee programme van beginsels voorgelê, waarvan een 'n bewuste poging tot die beliggaming van Calvinistiese beginsels was (Du Toit, 1917, p. 198-9). Du Toit was die dryfkrag agter die bekendstelling en propagering van die Calvinistiese beginsels wat in die program vervat is. In 'n hoofartikel in *Di Patriot* van 20 Junie 1879 bepleit hy 'n omvattende Afrikaanse politieke organisasie, die gedagte van saamwerk en van eendrag maak mag. Hy het die plan vir die Bond uitgewerk en dit deur middel van sy blad by die volk inslag laat vind. Dit was in werklikheid ook praktiese onderwys aan sy volk in die eerste beginsels van die demokratiese staatsleer. Die duidelik omskrewe program van beginsels wat hy opgestel het, laat blyk dat S.J. du Toit alles in die lig van die Bybel en die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing gesien het. Artikel III van die program van beginsels lui: "Ook op staatkundige terrein bely die Afrikanerbond die ewige beginsels van die Woord van God". Du Toit het besef dat die taalbeweging en die kultuuraksie nooit tot volle verwesenliking sou kom indien sy volk nie ook polities verenig en selfstandig sou word nie. Daarom bepleit hy 'n Bond van alle mense wat Suid-Afrika as hulle vaderland aanneem*,

* Hierdie standpunt is later gewysig.

'n standpunt wat allermins van nasionale eksklusiwiteit getuig. Hy wou alle ware Afrikaners verenig, ongeag afkoms of taal. Slegs een voorwaarde stel hy: onverdeelde trou teenoor die vaderland, Suid-Afrika. En die ideaal vir Du Toit was 'n verenigde Suid-Afrika onder 'n eie vlag en met 'n eie regeringsvorm, wat uiteindelik op 'n onafhanklike republiek moet uitloop (Van der Walt, 1963, p. 47).

Die twee sake in hierdie program waaroor daar van die begin af duidelike verskil van mening was, is die sogenaamde "Neo-Calvinistiese terminologie" (Davenport, 1965) en die opvatting betreffende die reikwydte van nasionalisme. Veral ten opsigte van hierdie twee sake het die menings van S.J. du Toit en J.H. Hofmeyr sterk uiteengeloop. In die laaste dekades van die negentiende eeu en die eerste van die twintigste verteenwoordig hierdie twee denkers dan ook baie sterk die twee hoofrigtings waarin die polities-kulturele denkbeelde vorm gekry het. Du Toit het hartgrondig geglo in die innerlike verband tussen godsdiens, geloof en patriotisme. Sy politieke filosofie was dié van Abraham Kuyper. Die idee van die soewereiniteit van God staan sentraal, die soewereine wetgewer en volk word afgewys, en die goddelike instelling van gesag word in hierdie politieke filosofie van Du Toit bely. S.J. du Toit se opvatting van die goddelike oorsprong van gesag en die soewereiniteit van God het nie beteken dat hy nie verandering moontlik geag het nie; inteendeel, sy eie strewe na die verwesenliking van 'n republikeinse staatsvorm het duidelik laat blyk dat hy van mening was dat verandering in beginsel juis moontlik was. Vir hierdie ideaal moes op grondwetlike wyse gewerk word sonder die gebruikmaking van geweld. Só byvoorbeeld moes 'n petisie aan die Koningin gerig word waarin gevra word dat die Engelse vlag uit Suid-Afrika weggeneem word, terwyl Engeland nog steeds die verantwoordelikheid vir Suid-Afrika sou dra. Die burgers sou die Koningin verseker van hulle trou maar sou versoek dat 'n konfederasie van Suid-Afrikaanse state en kolonies tot stand sou moes kom, veral met die oog op 'n gemeenskaplike naturellebeleid. Du Toit het die taak van die Bond gesien as die voorbereiding en die opvoeding van die bevolking met die oog op hierdie ontwikkeling (Davenport, 1965, p. 52). Juis op die gebied van die soewereiniteit van die wetgewer was daar merkbare verskille tussen die opvattings van S.J. du Toit en Hofmeyr: vir Du Toit het hierdie sake deel uitgemaak van politieke oortuiginge wat in geloofsoortuiging ingebed was, terwyl dit vir Hofmeyr — geskool in die Engelse liberale tradisie — weinig uitgemaak het (Davenport, 1965, p. 53).

Oor die aanvanklike deur Du Toit opgestelde konsepgrondwet is daar

geruime tyd gewik en geweeg. Die Graaff-Reinet-kongres van die Bond (1882) het die Program na Bondstakke verwys, terwyl die Richmondkongres dit weer na 'n kommissie verwys het bestaande uit D.F. du Toit, J.H. Hofmeyr en J.M. Hoffman, maar hierdie kommissie moes by die Beaufort-Wes-kongres in 1886 rapporteer dat hulle nie kon slaag om ooreenstemming te bereik nie. D.F. du Toit het gehou by 'n "bowdlerized version" (Davenport, 1965) van S.J. du Toit se aanvanklike konsep, terwyl Hofmeyr en Hoffman 'n nuwe konsep geformuleer het wat veel minder eksklusief nasionalisties in toonaard was en van alle sogenaamde "Neo-Calvinistiese" terminologie gestroop was (Du Toit, 1917, p. 197). Met die aanvaarding van die voorgestelde grondwet van Hofmeyr-Hoffman is die aanvanklike breër aanduiding aanvaar, met die gevolg dat daar in die begrip "Afrikaner" 'n veel ruimer konnotasie ingebou is as wat Du Toit met sy eksklusiewer (latere) beskouing geïmpliseer het. In Du Toit se aanvanklike konsepgrondwet was lidmaatskap betreklik wyd geformuleer: "Elkeen wat Afrika tot syn vaderland gekies het, en Afrika's welvaart bedoel, onverskillig wat syn nasionale afkoms is, of tot watter kerklike of burgerlike party hy origens behoor" (Davenport, 1965, p. 327). Du Toit het hierdie aanvanklike ruim bepaling van lidmaatskap verder begrens tot mense van Hollandse en Hugenoteafkoms. Du Toit se *Program van Beginselen* het 'n baie enger politieke filosofie geïmpliseer as sy konsepgrondwet van Julie 1879. Die *Program* het duidelike punte van ooreenkoms met sy *Geskiedenis van ons land* vertoon. Du Toit se *Program van Beginselen* het die term "Afrikaner" in 'n beperkte betekenis gebruik ter aanduiding van hoofsaaklik mense van Hollandse en Hugenoteafstamming. Hy het hom ook sterk gedistansieer van alle liberale instellinge geskoei op Britse lees. Davenport (1865) meen dat hierdie houding veral 'n projeksie was van Du Toit se sterk afkeer van enige vorm van teologiese liberalisme. Hofmeyr daarenteen was nie oorgeesdriftig oor Du Toit se Program nie. Hofmeyr het in *De Zuid-Afrikaan* geskryf dat Du Toit in sowel sy toesprake as publikasie in *di Patriot* anti-Engels was, terwyl Hofmeyr van oordeel was dat die Bond die belange van alle groepe in die land wou verdedig. Hofmeyr het beweer: "Du Toit wil meer nog dan nationale vrijheid en vereniging, (naamlik) het organiseren van staat en maatschappij ... naar de beginselen van het Calvinisme" (Scholtz, 1975, p. 138; vgl. *De Zuid-Afrikaan,* 19 April 1884).

Die program van Du Toit is nie deur Die Bond aanvaar nie, maar 'n program opgestel deur "Onze Jan" en ander wat vry was van die "dogmatiese uitingen" van Du Toit se program (Scholtz, 1975). Die

twee kardinale elemente wat dus uit hierdie stuk, wat in 1888 aanvaar is, weggelaat is, is die enger opvatting van nasionalisme en die Neo-Calvinistiese terminologie*. Die twee konsepte van Du Toit en Hofmeyr het egter ook wel 'n aantal sake gemeenskaplik gehad: die Bond is as 'n onafhanklike politieke party gesien. Die Bond was bereid om met buitestaanders saam te werk in soverre die beginsels nie daardeur in die gedrang sou kom nie. Hierdie beginsels het ingesluit die aanvaarding dat die Suid-Afrikaanse nasionaliteit Christelik en Europees was; dat regerings nie die verbreiding van die evangelie sou teenstaan nie; vryheid van godsdiens; Sabbatsheiliging; die beheer oor openbare sedes en gesondheid sonder om op wettige privaatheid inbreuk te maak; die regverdige beoefening van regspraak; onpartydige heffing van belastings met die oog op die beskerming van die ekonomiese en kulturele belange van die bevolking.

Benewens hierdie gemeenskaplike uitgangspunte het beide dokumente verwys na die doelwit van 'n verenigde Suid-Afrika, die behoefte aan die hersiening van die verkiesingstelsel, die hersiening van die heer-en-diensbodeswet en die bereiking van volledige Suid-Afrikaanse beheer oor die naturellebeleid. Die ander fundamentele verskilpunt tussen die twee groepe onder leiding van die denke van Du Toit en Hofmeyr respektiewelik het die ideaal van die uiteindelike vereniging van Suid-Afrika geraak. Die Bond van Du Toit het die vereniging van Suid-Afrika (in sy oorspronklike vorm) as *einddoel* beoog, terwyl Hofmeyr op sy beurt van die vereniging as *eindbestemming* gepraat het. Laasgenoemde begrip is deur Du Toit geïnspireer asof Hofmeyr daarmee slegs 'n insidentele newe-effek van die ideale van die Bond sou bedoel, terwyl Du Toit bedoel het dat dit 'n primêre oogmerk van die Bond moes wees. Hofmeyr het sy ideale tot die gebied van die Kaapkolonie beperk, terwyl Du Toit sy politieke ideale ook na die Transvaal laat uitkring het. Vir hom het dit gegaan om politieke afhanklikheid van die Afrikanervolk maar meer nog om die verwesenliking en selfontdekking van die kultuur, godsdiens, religieuse verlede, taal en die politieke toekoms van die Afrikanervolk.

* Dringende studie sou juis op hierdie punt nodig wees, naamlik 'n vergelyking van hierdie twee konsepte betreffende die inkleding van die term "Christelik" en die term "nasie". Myns insiens is hier die eerste belangrike ontsporing van die antitetiese Kuyperiaanse Calvinisme in die rigting van 'n gesekulariseerde nasionalisme en 'n dualistiese skeiding van Christelike beginsels en politieke praktyk te bespeur.

*Di Patriot* van S.J. en later D.F. du Toit het sedert sy totstandkoming 'n sterk ondersteuning opgebou, hoewel dit duidelik was dat daar, veral in die Kaapkolonie, 'n groot groep Afrikaners was wat om verskillende redes nie hierdie Beweging (die GRA) sou ondersteun nie. Redes het onder meer ingesluit verbondenheid met Engelstalige Kapenaars, voorkeur vir Hollands as spreek- en skryftaal, verset teen Afrikaans as "kombuistaal" en wat Davenport (1966, p. 34) noem, "... the middle-of-the-road Calvinists who would no more accept Christian National Education than the theories of Charles Darwin". Die onderwys was dan ook naas die terrein van die institutêr kerklike lewe en die politiek die belangrikste ander gebied waarop die Calvinisme in die periode onder bespreking 'n belangrike rol gespeel en invloed uitgeoefen het.

## 3.3 Die antitese in die onderwys

In die ontwikkeling van die onderwys in Suid-Afrika is veral twee fasette vir hierdie studie van belang, te wete die rol van die staat in die onderwys en die deurwerking van die gedagte van Christelike (nasionale) onderwys. Die stryd om die karakter van die onderwys dateer egter van veel vroeër as die periode onder bespreking. Moontlik sou die "stryd om die geeste" op hierdie gebied teruggevoer kon word na die invoering van 'n soort staatsonderwys deur J.A. de Mist tydens die Bataafse Bewind in 1803-1806. De Mist word deur verskeie skrywers daarvan beskuldig dat hy denkbeelde voorgestaan en in praktyk gebring het wat strydig was met die van die Calvinisme. In hierdie verband skryf J.A. du Plessis (1916, p. 15) soos volg: "Verdraagsaamheid werd die leuse op alle gebiede en ook die kerk moes 'n organisasie word vir die bevordering van 'deugd en goede zeden' en also haar kalvinistiese beginsel laat vaar". "Hierdie konsiliasiegees het hij ook in praktijk gebreng op die staatskool, wat sedert die tijd alle aksie vanuit die volk op onderwijs gebied vernietig het". Hy vervolg: "Voorwaar, 'n harde konkurrent vir die kalvinistiese beginsel, wat altijd die Vrije Skool als waarborg vir vrijheid van gewete gehandhaaf het!" De Mist se opvattings met betrekking tot die onderwys het ingehou die pleidooi vir die neutraliteit van die staatskool en die propagering van 'n godsdiens bo geloofsverdeeldheid — iets wat lynreg in stryd was met die Calvinistiese aksent op onderwys in die verlengde van die geloofsoortuigings van die ouerhuis, wat uiteraard konfessioneel gekleurd was. (Vgl. ook Hanekom, 1951, p. 118 e.v.; 196 e.v.)

In Europa was die weerstand teen die sekulêre onderwys én opvoeding van die revolusionêre Frankryk en die Verligting primêr

religieus. Die opvoeding van die "éducation libre" van Frankryk en die "vrije scholen" van Holland was openbarings van dieselfde gees: die begeerte om 'n soort onderwys te bewaar wat daarop gemik was om karakter en lewensbeskouing te vorm op die basis van 'n religieuse en kulturele tradisie. Hierdie tradisie het die onderskeidinge tussen groepe aanvaar en die universalisme en gelykmaking van 'n opvoedingsisteem gebaseer op die primaat van die rede verwerp. Hierdie selfde sentrale gedagte vorm die kern van die Kaaps-Hollandse weerstand teen die sekulêre onderwysvernuwings en instelling van die Britte (Shingler, 1973, p. 87). Die religieuse konflik wat aan die skool- en onderwysstryd in Nederland ten grondslag gelê het en wat onder meer deur die verset teen die revolusiedenke gemotiveer is, het in Suid-Afrika ander vorme aangeneem. Waar die stryd in Nederland ook elemente van 'n klassestryd geherberg het, het die Suid-Afrikaanse stryd twee nuwe elemente, naamlik dié van etnisiteit (kultuur) en dié van taal, ook daarby betrek. Die belangrike gevolg van die bykomende elemente in die skoolstryd van die Afrikaner was die feit dat 'n stryd wat aanvanklik as 'n *religieuse* stryd teen die sekularistiese onderwys in Nederland aangebind is, in Suid-Afrika as 'n middel in die *nasionale* stryd van die Afrikaner ingespan is (Shingler, 1973, p. 88).

Die verset teen die sekularistiese tendense in die onderwys aan die Kaap is in die periode onder bespreking gelei deur twee predikante, ds. G.W.A. van der Lingen en ds. S.J. du Toit. Hierdie figure, wat as die leiers van die kulturele, politiese en taalrenaissance van die Afrikaner in die laaste drie dekades van die negentiende eeu gesien kan word, was veral besorg oor die uitwerking wat die wending in die onderwysbeleid en -opset op die taal, godsdiens en kenmerkende eienskappe van die Afrikaner sou hê. G.W.A. van der Lingen was in sy Gimnasium in die Paarl een van die eerstes wat die Christelik-nasionale ideaal sou propageer. Sy denkbeelde is (waarskynlik?) ontleen aan die Vereeniging voor Christelijk Nationaal Onderwijs, wat in 1860 in Holland tot stand gekom het (Shingler, 1973, p. 91). Afgesien van die feit dat S.J. du Toit die grondlegger van *Di Afrikaanse Petriot* was (die eerste Afrikaanse koerant wat in embrio die Afrikaanse nasionale strewe vervat het), het hy ook in 1876 'n belangrike pamflet die lig laat sien waarin hy die denkbeeld van konfessionele Christelike opvoeding behandel *(De Christelijke school in haar verhouding tot kerk en staat)*. Teenoor die angliserende wetgewing van die Britse owerheid het Van der Lingen, Du Toit en W.P. de Villiers "Christelijke" skole in verskillende Kaapse distrikte

tot stand gebring*. S.J. du Toit het in sy *Program van Beginselen van de Nationale Partij* duidelik laat blyk dat die onderwys die taak van die ouers onder die toesig van die kerk is en dat dit nie die taak van die staat is om vir die onderwys te sorg nie (Du Toit, 1917, p. 36). Die belangrike beginsel wat hier ter sprake gekom het, was die beskerming van die godsdiensvryheid en gelyke regte vir elke godsdienstige groep. S.J. du Toit noem hierdie beginsel "het vrijwilig Beginsel op schoolgebied". Waar hy voorheen, op die voetspoor van ds. Van der Lingen, die standpunt gehuldig het dat die onderwys die taak van die kerk is, huldig hy nou die standpunt dat dit die taak van die ouer is. Hy laat dan ook 'n kragtige pleidooi vir die vrye Christelike skool uitgaan, en hierdie aksentverlegging in sy denke is toe te skryf aan die feit dat hy sedert 1880 al hoe meer onder die invloed van Abraham Kuyper se denke gekom het. Du Toit se *Program* is grotendeels aan Kuyper se *Ons Program* ontleen. In hierdie program, waarin sy staatkundige beginsels uiteengesit is, sien Kuyper die ouer as die verantwoordelike instansie vir die onderwys van die kind (Scholtz, 1975, p. 116).

Twee belangrike beginsels was in hierdie saak op die spel: Die eerste was die voor die hand liggende beginsel ven ouerverantwoordelikheid vir die onderwys, waardeur die konfessionele karakter van die onderwys gewaarborg sou word**. Inbegrepe hierby is die beginsel van *pluralisme,* waarmee bedoel word die erkenning van lewensbeskoulike differensiasie in die politieke lewe, wat ook in die onderwys tot uitdrukking sou kom. Die tweede beginsel was die afwysing van staatsverantwoordelikheid vir die onderwys. Omdat die staat die belange van meerdere groepe binne die staatsbestel moes verteenwoordig en behartig, sou 'n staatsonderwyssisteem onvermydelik op 'n verwatering van die onderwysbestel moes uitloop, des te meer wanneer die staat vorm sou gee aan 'n onderwysbeleid wat alle uiteenlopende lewensbeskoulike groepe binne die staat tevrede moes stel. In die periode onder bespreking loop die konfessionele lyne baie sterk parallel met die taalgrens tussen Engels en Nederlands/ Afrikaans. Met die bewuswording van die Afrikanervolk van sy eie

* Dit is belangrik dat daarop gelet word dat die eerste skole wat tot stand gebring is, as *Christelijke* skole of *Vrije* skole bekend gestaan het dog later as Christelijk-nasionale skole bekend word.

** Die Ondarwyswet van Transvaal van 1882 het dan ook hierdie beginsel beliggaam (Malherbe, 1925, p. 283).

nasionale identiteit en die geleidelike breuk met die Hollandse taal en kultuur, mede deur die toedoen van die Eerste Taalbeweging onder leiding van S.J. du Toit, het die lyn van die antitese — ook in die onderwys — sterker met die nasionale en kulturele antitese tussen Boer en Brit begin saamval. Hierdie stryd tussen ouer- en staatseggenskap in die onderwys was waarskynlik een van die belangrikste kanale waardeur geleidelik 'n uitholling van die Calvinistiese beginsels op die gebied van die onderwys plaasgevind het. Tussen die twee standpunte van voorstanders vir ouerbeheerde onderwys en die vir staatsbeheerde onderwys ontwikkel die onderwysbeleid in die periode na die Engelse Oorlog.

Reeds in hierdie stadium word daar in die groep ten gunste van ouerbeheerde onderwys twee standpunte aangetref: Shingler (1973, p. 137) praat in hierdie verband van die stryd tussen die "confessionalists" en die "permeationists". Met laasgenoemde term bedoel hy daardie groep wat ten gunste van die verchristeliking of die kerstening van die staatskole was, terwyl hy die eersgenoemde term gebruik ter aanduiding van diegene wat ten gunste van staatsondersteunde kerkskole was*. Van belang is hier die ontwikkelings wat gelei het tot 'n onderwysbeleid wat deur die staat geformuleer is en wat moes dien as basis wat vir die *grootste gemene deler van die bevolking* aanvaarbaar sou wees. Bowendien het dit al spoedig geblyk dat hierdie onderwysbeleid die konkrete uitdrukking was van 'n opvatting waarin godsdienstige of religieuse oortuiging so *algemeen Christelik* moontlik geïnterpreteer is. Ten einde hierdie stelling te staaf word vervolgens by enkele hooftrekke van die historiese ontwikkelinge van die ideaal van Christelik-nasionale onderwys in Suid-Afrika stilgestaan, waarin die stryd om die Calvinisme op die opvallendste wyse tot uitdrukking gekom het.

Met die angliserings- en denasionaliseringsbeleid van sir Alfred Milner, ná die Vrede van Vereeniging in 1902, volg belangrike ontwikkelinge waartydens die twee bogenoemde beginsels van ouerbeheer oor en die geleidelike uitskakeling van die konfessionele

* Hierdie verwysings het op 'n latere fase van ontwikkeling betrekking maar is bruikbare onderskeidinge, met die voorbehoud dat die term *kerkskole* waarskynlik ook ouerskole insluit. H.G. Stoker (1937, p. 18) gee 'n samevatting van al die verskillende moontlike vorme van Christelike en vrye en Christelik-nasionale skole wat in die dertigerjare reeds in Suid-Afrika vorm aangeneem het.

karakter van die onderwys al hoe sterker in die gedrang kom. Milner se nuwe onderwysbeleid, wat ten doel gehad het om die onderwyssisteem van die oorwonne Republieke op 'n vaste basis te plaas, voer die beginsel in dat die staat primêr die verantwoordelikheid vir die onderwys behoort te aanvaar. Die skole moes doelbewus gebruik word vir die propagering van gedagtes waardeur die kind in die waardesisteem van die Britse imperialisme ingelyf sou word. In 'n brief van E.B. Sargent*, die Direkteur van Onderwys vir die voormalige Boererepublieke, skryf hy aan die personeel van die skole in die Oranje-Vrystaat en probeer daarin die opvoedkundige beleid van Milner verduidelik:

> "You ought to have a political aim in all your school work, and that aim should be to make political parties unnecessary. You ought to have a religious aim, and that should be to diminish religious dissensions".

Die eenheid van die staat bo alle religieuse verdeeldheid staan in hierdie sitaat sentraal, en aan die skool word die taak opgedra om toe te sien dat hierdie politieke doelstelling bereik word. Dit was egter nie slegs die bedoeling van die Milnerregime om die onderwys vir hierdie politieke doeleindes te gebruik nie maar ook om die godsdiens in diens van die imperialistiese ideale te stel. Sargent** skryf:

> "Do not think that the province of the school teacher is one and the province of the minister of religion is another. It is in the cooperation for the benefit of the children of the State that the true union of many Churches with the one State must begin"

Hierdie doelwit moes deur die sentralisering van die "provinsiale" onderwys bewerkstellig word, en die noodwendige gevolg daarvan sou wees 'n eenvormige onderwyssisteen waarin die beginsels van die Britse imperialisme beliggaam sou wees. Die Afrikanergemeenskap in die algemeen en die Gereformeerd-Calvinistiese deel daarvan meer in die besonder het in hierdie houding en beleid van

* Hierdie sitaat is ontleen aan Hexam, 1975, p. 126. Hy verwys na 'n verslag van *Transvaal Education Department Director's Report*, 1905, p. 205, 206.

** Hexham, 1975, p. 127. Hexham verwys na: *Transvaal Education Department Director's Report*, 1905, p. 206.

die Britse owerheid 'n bedreiging gesien nie slegs vir die taal en identiteit van die Afrikanergemeenskap nie maar veral vir die godsdienstige oortuigings van die Afrikanervolk. In die verset teen hierdie angliserings- en denasionaliseringsbeleid het die Gereformeerde Kerk 'n leidende rol gespeel, en hierdie Kerk sou dus gesien kon word as die draer van die gedagtegoed van die Calvinisme op die gebied van die onderwys in hierdie periode. Die sentrale beginsel wat in die stryd op die gebied van die onderwys deur die Gereformeerde Calviniste gepropageer is, was ouerverantwoordelikheid vir die onderwys van die kind*.

As gevolg van die onvermoë van die Transvaalse regering om die salaris van onderwysers ten volle te betaal is, tydens die oorlog in 1901, 'n *Vriendekring* in Pretoria tot stand gebring wat die insameling van geld vir die behoeftige onderwysers ten doel gehad het. Hulle het ook na Nederland geskryf om hulp**. Op aanbeveling van H.J. Emous, 'n kontakpersoon van die Nederlandse hulpverleners, is op 22 Oktober 1902 tot die stigting van De Commissie voor Christelijk-Nationaal Onderwijs oorgegaan. Met die opstel van die grondwet van hierdie beweging was generaal J.C. Smuts ook teenwoordig. In hierdie grondwet is die eerste beginsel van die Nederlandse Christelik-nasionale Onderwysbeweging, naamlik ouerverantwoordelikheid vir die onderwys, geïnkorporeer (Hexham, 1975, p. 130; hy verwys na die notule van die *Commissie voor Christelijk Nationaal Onderwijs,* 30.10.1902). Die tweede artikel van die grondwet het bepaal dat die kinders in 'n Protestants-Christelike gees opgevoed moes word. Mede deur die toedoen van die Commissie en geldelike ondersteuning vanuit Nederland het die Christelike skole in getal toegeneem, sodat in 1905 in die Transvaal 288 skole bestaan het, met 9 335 leerlinge (Hexham, 1975, p. 133)***. Dit is belangrik om

* Hierdie stryd is dikwels deur die owerheid van die tyd sowel as deur latere geskiedskrywers as 'n stryd om die seggenskap van die *kerk* in die onderwys geïnterpreteer. In enkele gevalle het die georganiseerde kerk die voortou geneem, maar die bedoeling was altyd die handhawing van die seggenskap van die verbondsouer oor die onderwys van die kind.

** Talle onderwysers in die Transvaal is tydens die Engelse Oorlog deur die Zuid-Afrikaanse Republiek in Nederland gewerf.

*** Hexham verwys na Pienaar, J.J. *'n Histories-kritiese ondersoek na die aandeel van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in die opvoeding en onderwys van Blankes in Transvaal gedurende die tydperk 1902-1910.* p. 307.

daarop te let dat nie slegs die Gereformeerde Kerk in hierdie Commissie gedien het nie maar ook die NH of G Kerk*.

Al spoedig verloor die beweging egter sy geldelike steun, en die finale nekslag word die beweging in Transvaal toegedien deur die aanvaarding van die Smuts-onderwyswet van 1907. Die aanvaarding van hierdie wet was die uitvloeisel van die gewysigde onderwysbeleid van die Transvaalse politieke party, *Het Volk*, wat deur generaal Louis Botha en generaal J.C. Smuts georganiseer is en in 1904 aan bewind gekom het. Die wysiging van die onderwysbeleid het ten doel gehad die bevrediging van die eise van die Britse kiesers. Die Smuts-onderwysbeleid het 'n beperkte graad van plaaslike beheer oor die onderwys moontlik gemaak, het die nederlandse taal 'n belangrike plek in die kurrikulum gegee maar het geen ruimte vir konfessionele of dogmatiese onderrig gelaat nie. Godsdienstige opvoeding in die skole moes *van 'n algemene tipe* wees wat vir alle Christene aanvaarbaar sou wees, en dit moes nie op die dogmatiese beskouinge van enige besondere kerk gegrond wees nie.

Die situasie in die Oranje-Vrystaat was egter anders. In 1908 is die Hertzogwet in verband met die onderwys aanvaar. In hierdie wet is gelyke status aan Nederlands en Engels gegee, maar die belangrike faktor was dat dit vir onderwys op konfessionele grondslag voorsiening gemaak het indien die ouers dit verkies. Die wet het ook die seggenskap van die ouer in plaaslike beheer oor die onderwys gewaarborg. Vir die meerderheid van die Britse bevolking was hierdie Hertzogwet onaanvaarbaar. Dit is gesien as 'n middel om "Dopper"-onderwys in die staatskoolsisteem in te voer (Davenport, 1965, p. 261).

Die situasie in die Kaapkolonie was egter anders en wat die posisie van die Christelike skole en Christelik-nasionale skole betref, veel ingewikkelder, omdat daar 'n groot verskeidenheid van verskillende tipes privaatskole, kerkskole, ouerbeheerde Christelike skole, Hollandse skole en tweetalige skole bestaan het (Malherbe, 1925). 'n Groot aantal publikasies in hierdie periode probeer uiteensit waarom Christelik-nasionale onderrig so belangrik is. Twee standpunte word hier kortliks uiteengesit omdat hulle illustreer in watter mate die

* H.S. Bosman van die NH of G kerk was die voorsitter van die Commissie voor Christelijk-Nasionaal Onderwijs.

geleidelike erosie van ouerbeheerde onderwys en toenemende staatsbeheer oor die onderwys tot 'n situasie gevoer het waarin die gehalte van die sogenaamde *Christelike* karakter van die staatsonderwys algaande sterk vervlak is tot 'n algemeen aanvaarbare leuse wat sover moontlik vir geen deel van die bevolking tot aanstoot sou wees nie. Hierdie ontwikkeling is belangrik met die oog op die hooflyne van die betoog van hierdie studie wat poog om die spore van die Calvinisme of die verdwyning van die spore van die Calvinisme in verskillende fasette van die Suid-Afrikaanse samelewing te volg.

In 1907 reageer Jan Lion Cachet op die promulgering van die Smutsonderwyswet met 'n pamflet *(Niet om te twisten, maar ... om des Gewetens wil.)* waarin hy betoog dat die Smutswet veral drie groot gevare inhou: Die taal van die Afrikaner word bedreig, die godsdiens van die Afrikaner word bedreig, en die wet maak geen voorsiening vir ouers om die wanpraktyke en tekortkominge van die staatskole te korrigeer nie. Veral die bepaling dat godsdiensonderrig op skool nie konfessioneel mag wees nie, het Cachet bevraagteken. Hierdie selfde saak is ook deur J.D. du Toit* in een van sy geskrifte aangeraak. Die kern van Du Toit se argument was dat Christelike onderwys sonder dogma onmoontlik was, aangesien die onaanvegbaarste kerklike leerstelling dikwels by nadere ondersoek vir meerdere uitleg vatbaar blyk te wees. Du Toit het in sy argumente in hierdie verband aansluiting by Kuyper gesoek (ibid., p. 19).

Hierdie tema van ouerbeheerde onderwys op konfessionele grondslag is in die periode na 1907 op verskillende spesiale kongresse oor Christelik-nasionale onderwys bespreek, maar teen 1918 het die beweging vir Christelik-nasionale onderwys sy momentum verloor, totdat dit weer in 1927 deur die Gereformeerde Kerk in die lewe geroep is (Hexham, 1975, p. 163). Die toestand van die bevolking na die Rebellie en die groeiende armblankevraagstuk het dit egter al hoe moeiliker gemaak om hierdie selfstandige Christelike skole in stand te hou. Belangriker nog was egter die feit dat die gedagte van ouerbeheerde skoolonderrig op konfessionele grondslag en met staatsteun om verskillende redes nie as aanvaarbaar geag is nie. Bowendien het die politieke, kerklike en taalbewegings in die periode al hoe

* *Christelijke onderwijs: Met of zonder dogma,* 1908. Lezing gehouden voor de Vereeniging van Christelijke Belangen te Pretoria op 25 Juni 1908.

sterker inmekaar begin vloei, sodat die gedagte waarskynlik al hoe aanvaarbaarder was dat die steun van die saak van die Afrikanervolk ook die steun van die Christelike lewensbeskouing beteken het. Dit is juis die samevloeiing en vervlegting van die onderskeie polêre strominge op die gebied van die kerklike lewe, in die politiek en in die onderwys en taalbewegings wat geleidelik die draagwydte en betekenis van die "Christelik-nasionaal"-denkbeeld in die Suid-Afrikaanse samelewing bepaal het.

## *Hoofstuk 4*

# CHRISTELIK-NASIONAAL: OUTENTIEKE, IDEOLOGIESE OF GESEKULARISEERDE NASIONALISME?

In die bespreking van die ontwikkelinge op die gebied van die politiek, die onderwys en die kerklike lewe is telkens na die invloed van die teologie van Abraham Kuyper verwys en meer spesifiek na sy opvattings van die verbond, volk, staat en nasie. Talle outeurs verwys na hierdie beskouings en gebruik dan ook die beweerde invloede ter stawing van verskillende posisies met betrekking tot die waardering van die rol van nasionalisme. Ook in hierdie studie het dit geblyk noodsaaklik te wees om aan hierdie denkbeelde aandag te gee. Dit is die bedoeling om aan te toon dat die twee lyne in die denke van Kuyper albei hullé invloed in die Suid-Afrikaanse kerklike en politieke lewe gehad het en 'n samestellende element in die wording van Afrikanernasionalisme uitmaak. Die feit dat daar in die loop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis geleidelik 'n skeiding tussen twee terreine, die van die (persoonlike) godsdienstige sfeer en die (openbare/nasionale) samelewing, tot stand gekom het, sou nie maklik aan die invloede van die denke van Kuyper toegeskryf kan word nie. 'n Dergelike tweedeling is vreemd aan die grondlyne van die denke van Kuyper en die outentieke Calvinisme. Tog blyk dit dat die onreformatoriese elemente in die samelewingsleer van Kuyper waarskynlik die groeibodem vir 'n gesekulariseerde vorm van nasionalisme was. Natuurlik hang die houdbaarheid van hierdie stelling saam met die datering van die ontstaan en wording van nasionalisme. Die bekende "Christelik-nasionaal"-denkbeeld in sy groot verskeidenheid van uitingsvorme het histories verskillende wysgerige en teologiese wortels gehad wat met die verskillende historiese ontwikkelingsfases saamhang (Degenaar, 1975), maar in die periode onder bespreking was die denke van Kuyper — veral in die vroeë ontwikkelingsfases — seker die invloedrykste. Oor die kwessie of daar al voor die Eerste Vryheidsoorlog en die anneksasie van Transvaal van nasionalisme onder die Afrikaners sprake kan wees, bestaan daar meningsverskille tussen historici. Skrywers soos F.A. van Jaarsveld (1971, p. 67) en G.D. Scholtz is van mening dat 'n omvattende Afrikanernasionalisme eers posgevat het as gevolg van die anneksasie van Transvaal en die oorlog wat daarop gevolg het. Daarteenoor huldig C. Beyers en C.F.J. Muller die standpunt dat die optrede van die Kaapse Patriotte aan die einde van die agtiende eeu en die dade

en die woorde van die Voortrekkers reeds van nasionalistiese sentimente getuig. D.A. Scholtz (1975, p. 67) meen dat die meningsverskille voortspruit uit die feit dat die term *nasionalisme* nie by almal dieselfde konnotasie het nie. Die begrip "nasionalisme" herberg in hom meerdere betekenisse. Dit kan dui op 'n politieke bewuswording, 'n kultureel-etniese bewuswording, 'n taalbewuswording en nog meer. Die begrip kan egter ook al drie die genoemde konnotasies bevat. Aangesien hierdie begrip "nasionalisme" in die Afrikaanse geskiedenis dikwels ter aanduiding van die samevloeiing van sowel politieke, kulturele en taalaspirasies aangewend word, word die begrip voorlopig hier so breed moontlik gebruik ter aanduiding van die verskynsel wat hom op al hierdie gebiede voorgedoen het*.

Ter illustrasie hiervan slegs enkele opmerkinge: Terwyl die Groot Trek** 'n *politieke* reaksie van 'n deel van die Kaapse Afrikaners teen die owerheidsbeleid was wat tot onafhanklikwording gelei het, met die gevolglike handhawing van hulle taal en kultuur en republikeinse staatsopvattinge, was die reaksie van die Afrikaners teen die aggressie van die Britse imperialisme in 1876 onder leiding van S.J. du Toit grotendeels 'n *kulturele* reaksie, wat egter weer op sy beurt tot die vorming van 'n politieke party gelei het (Van Jaarsveld, 1971, p. 67). Sowel politieke as kulturele bewegings vloei saam in die veel groter stroom waardeur die nasionalisme van die Afrikaner gevoed word. Albei historiese voedingsbronne was besonder sterk ingebed in die algemeen Calvinistiese religieuse oortuigings van die Afrikanervolk. Ontsporing van hierdie sentrale lyn vind kennelik plaas op grond van interne faktore wat die betreklik integrale samehang van religieuse geloofsoortuiging en lewensbeskouing laat disintegreer. In hierdie proses, word hier betoog, was sowel die Murray-tipe dualisme van persoonlike en politieke lewe, die akkommodasie van onreforma-

* 'n Studie wat primêr met nasionalisme gemoeid is, sal uiteraard fyner en genuanseerder onderskeidinge in hierdie verband moet handhaaf. Verskillende skrywers doen dit dan ook: vgl. Degenaar, 1978, p. 3; Shingler, 1973, p. 250.

** Dit is boeiend om die Amerikaanse Deklarasie van Onafhanklikheid, dié van die Franse Revolusie en die Manifes van die Trekkers onder leiding van Piet Retief met mekaar te vergelyk. Eersgenoemde twee dokumente toon duidelike invloedslyne van die filosofiese denkbeelde van die tyd, by name die humanistiese rasionalisme van figure soos John Locke en J.J. Rousseau; terwyl die Manifes van Retief en die Trekkers weinig indien enige spore van revolusiedenkbeelde of selfs Verligtingsdenkbeelde bevat. W.A. de Klerk vergelyk eersgenoemde en laasgenoemde dokument in sy werk *The Puritans in Africa*, 1976, p. 25 e.v.

torjese elemente uit die denke van Kuyper as die latere invoering van Neo-Fichtiaanse opvattinge* met betrekking tot volk en nasie instrumenteel.

Tot dusver is aangetoon dat die ontwikkelingsgang van die Christelik-nasionalisme elemente van onderstaande denkbeelde geabsorbeer het en deur ten minste die volgende bronne beïnvloed is:
— die dualistiese "separatisme" van die Murray-tipe Calvinisme, met die daaraan verbonde piëtisme en afsydigheid ten opsigte van die uitvloeisels van Christelike beginsels vir die gebied van die politiek en maatskaplike lewe;
— die deurwerking van 'n soort "volkskerkgedagte" waarin veral die skoolstryd gesien is as 'n bedreiging vir die eenheid van die kerk en die nasionale eenheid;
— die geleidelike ontwikkeling van 'n "openbare sfeer" waarin politieke eenheid van groter belang geag word as konfessionele eenheid op grond van dogmatiese suiwerheid.

Die algemene tendens skyn dus, samevattend, een te wees waarin die "openbare terrein" van die politieke en nasionale lewe 'n meer *algemeen neutrale terrein* skyn te word — "neutraal" nou egter in die sin van 'n terrein waar die eenheid van die "volk" of die eenheid van die staat 'n hoër premie verwerf as die antitetiese opstelling van gelowiges op konfessionele grondslag binne die eenheid van die nasie, volk of staat. Die pluralisme van lewensbeskouing wat in die Nederlandse Calvinisme tot uitdrukking gekom het in die aanvaarding van die beginsel dat die voer van beginselpolitiek desnoods die eenheid van die nasie en die staat mag bedreig, kom nie in Suid-Afrika tot ontwikkeling nie. Die aanduiding van die openbare terrein as "neutraal" is egter misleidend. Die religieuse oortuigings van die Afrikanervolk is so diep ingebed in hulle nasionale en historiese besef dat dit onjuis sou wees om hierdie term te gebruik. Tog vind daar na die Engelse Oorlog geleidelik 'n verandering in die religieuse beskouings plaas. Die aard van die verandering sou aangedui kon word as 'n tendens waarin nasionale en volkseenheid

* Aangesien hierdie invloede in 'n latere fase voorkom, wat nie binne die bestek van hierdie studie val nie, word hier slegs terloops daarna verwys.

algaande sterker beklemtoon word, met 'n gevolglike vervlakking van die eis tot die antitese van die geloof. Dit wil voorkom asof die leuse van De Mist van 'n eeu tevore: "Godsdiens bo geloofsverdeeldheid", tog in die eerste dekades van die twintigste eeu die openbare lewe van die Afrikaner begin kenmerk, maar dan in die gedaante van *nasionale* eenheid bo geloofsverdeeldheid.

Die deursnee-Afrikanerlidmaat van die kerk het hierdie tendens uiteraard nie só beleef nie*. Die religieuse besef van die Afrikaner-lidmaat is sterk gevoed deur prediking waarin die Bybelse verbondsgeskiedenis, veral dié van die Ou Testament, en die geskiedenis van die Afrikanervolk as haas sinoniem vertolk is. Die wyse waarop die Afrikaner dus tot sy selfontdekking as volk gekom het, asook die rol wat die verskynsel van nasionalisme in sy eie geskiedenis gespeel het, was besonder sterk gegrond in 'n eerlike religieuse oortuiging dat God die Beskikker was van die lotgevalle van individue en nasies, dat sy voorsienige bestuur in die geskiedenis van die volk tot uitdrukking kom en dat God die bestaan van die Afrikanervolk as 'n afsonderlike volksgroep met 'n eie taak en roeping aan die Suidpunt van Afrika gewil het**. Tog het hier in die ontwikkeling van hierdie denkbeeld ander aksente na vore getree. Die verskuiwing van aksent word mede in die hand gewerk deur elemente in die teologie van Kuyper.

## 4.1 Kuyperiaan Calvinisme: teologiese onderbou vir ontspoorde nasionalisme?

Uit die voorrede van Kuyper se *Ons Program* blyk dat hy, net soos

* Daar is ook weinig outeurs met 'n simpatieke houding teenoor Afrikanernasionalisme wat hierdie tendens as sodanig interpreteer. Sedert die verskyning van Bellah se artikel oor die Amerikaanse "civil religion" het verskeie outeurs hierdie hipotese ook op die Afrikaner se belewing van nasionalisme en volk van toepassing gemaak (vgl. Moodie, 1975). Die ongenuanseerde wyse waarop alle religieuse besef van die Afrikaner en alle uitingsvorme van volksbewussyn, identiteitsbesef, nasionalisme en patriotisme eenvoudig onder die oorkoepelende term "civil religion" gegroepeer word en as *ideologies* getipeer word, vind ek onaanvaarbaar, onsimpatiek en uiters bevooroordeeld. Vergelyk ook die ongenuanseerde standpunte van verskillende skrywers in *Journal of Theology for Southern Africa*, no. 19, June, 1977; no. 20, July, 1977.

** Verskillende skrywers meen dat hierdie feite as sodanig reeds ideologies van aard is, of anders 'n eiesinnige historiese interpretasie herbesig. Vgl. De Gruchy, 1979, hoofstuk 1.

Groen van Prinsterer voor hom, konserwatiewe en liberale politieke standpunte die bestrydenswaardigste geag het. Teenoor hierdie twee rigtings wou hy 'n eie posisie ontwikkel. In sy rede by die opening van die Vrije Universiteit in 1880, "Souvereiniteit in eigen kring", werk hy sy opvattinge oor die juiste verhouding tussen staat en maatskappy uit in konfrontasie met die standpunte wat deur hierdie twee groeperinge gehuldig word. Sy oogmerk was veral die bestryding van die revolusiedenke wat hy ten grondslag sien lê aan beide posisies en wat die menslike wil van dié van God en sy gestelde orde wil bevry. Vanuit hierdie "wortelbeginsel" onderskei hy twee lyne, naamlik die atomisties-individualistiese posisie van die liberale groepering en die kollektivisties-individualistiese posisie van die sosiaaldemokrate. Eersgenoemde posisie lei tot die afbraak van die bestaande orde totdat slegs die eiemagtige individu met sy eie vrye wilskeuse oorbly, terwyl laasgenoemde posisie poog om, nadat die orde afgebreek is, op God se stoel te gaan sit en uit eie brein 'n nuwe orde te skep. Kuyper se eie alternatief was geleë in die vernuwing van die samelewing in organiese sin, waarby die goddelike ordinansies wat aan die ontwikkeling van die lewende organisme van die samelewing ten grondslag lê, in ag geneem behoort te word. Kuyper se samelewingsteorie was op twee grondgedagtes gefundeer, naamlik die denkbeeld van soewereiniteit in eie kring en dié van die samelewing as 'n lewende menslike organisme of 'n organiese liggaam. Albei opvattinge wat deur Kuyper bestry is, wou die "sosiale vraagstuk" op 'n wyse oplos wat die twee genoemde Kuyperiaanse grondgedagtes nie verreken nie. Kuyper meen dus dat 'n nuwe gebou van die samelewing tot stand gebring behoort te word op die fondament wat deur God gestel is. Dit beteken dat die "tweeheid van staat en maatskappy" geëerbiedig moet word en dat die maatskappy nie as 'n aggregaat van individue beskou mag word nie maar as *'n organiese liggaam* (Woldring en Kuiper, 1980, p. 42-7). In Kuyper se denke was daar 'n besonder noue verbondenheid tussen die twee gedagtes van soewereiniteit in eie kring en die organiese karakter van die samelewing, maar verskillende skrywers het reeds aangetoon dat hier in die denke van Kuyper 'n onoplosbare spanning geleë is (Dengerink, 1948, p. 105). Hierdie "organiese" samelewing of maatskappy word in die teologie van Kuyper dikwels as 'n soort totaalstruktuur beskou, dit wil sê as 'n soort "zedelijke organisme" waarin die ander samelewingsvorme onderdele vorm van die groter geheel in 'n verhouding van onder- en boweskikking. Hierdie organiese totaalstruktuur word in die teologie van Kuyper afwisselend "staat", "maatskappy", "sa-

melewing" of "volk" genoem (Dengerink, 1948, p. 141, 144)*. Die gevolg van hierdie opvatting van die samelewing was die feit dat aan die staat as die meganiese verband waarbinne die volk hom as organiese gemeenskap bevind, die bevoegdheid toegeken is om aan die ondergeskikte "dele" voor te skryf en te bepaal wat hulle sfeer van bevoegdheid is. Hierdie samelewingsleer hang ten nouste saam met Kuyper se opvatting van die verbond.

Twee ander belangrike elemente in die denke van Kuyper verteenwoordig egter ook aanknopingspunte wat as voedingsbodem vir die denke oor volk en nasionalisme in Suid-Afrika gedien het en wat mede-aandadig was aan die geleidelike ontsporing van en aksentverlegging in die Afrikanernasionalisme, te wete sy band met die denke van die Romantiek en die Historiese Skool in die Duitse filosofie en sy vitalistiese siening van die geskiedenis. Vervolgens word hierdie twee elemente kortliks bespreek. Kuyper het sy eie *organiese konsepsie* van die samelewing ontwikkel in teenstelling tot 'n meganiese konsepsie, waaronder hy verstaan het 'n maatskappymodel waarin die individue op 'n toevallige of kunsmatige wyse tot 'n eenheid saamgevoeg word. Hy verset hom teen die individualisme van die meganiese model en meen daarteenoor dat gemeenskappe in die loop van die ontwikkeling van die samelewing tot stand kom, wat as "ledemate" en die geledinge van die "liggaam" van die "volk" beskou kon word. Dengerink en andere beweer dat Kuyper sterk beïnvloed is deur die Romantiese opvatting van die "Volksseele", waarin die volk die eintlike onverganklike wese vorm, terwyl die staat as verbygaande lewensvorm beskou word. So word die "volk" 'n irrasionele grootheid sonder enige strukturele omlyning** (Dengerink, 1948, p. 155).

'n Ander belangrike aksent wat in die teologie van Kuyper voorkom, is sy beklemtoning van "die lewe". Hy praat van skeppingsordinansies van die Here wat tot ons spreek in die vorm wat deur die geskiedenis

* Van Weringh (1967, p. 178) praat in hierdie verband van die idee van die samelewing as 'n nasionale organisme met 'n nasionale "kern" en die groep buite die kern — die "res".

** Deur verskillende skrywers is aangetoon dat daar in die teologie van Kuyper sterk elemente aanwesig is van 'n dichotomistiese (skolastiese) skeppingsleer waarin die Griekse vorm-materiegedagte in verskillende van sy denkbeelde na vore tree (vgl. Velema, 1957, p. 78, 221, asook Vander Stelt, 1973, p. 178-90).

daaraan verleen is, of van die toestand wat deur die voorsienigheid van God in die loop van die geskiedenis bewerk is. Die wyse waarop Kuyper met die "histories organiese lyn" omgaan, is een waarin heilsgeskiedenis en "profane" geskiedenis ineenvloei. Kuyper beskou verder die gereformeerde volksdeel in Nederland soos 'n leër wat Nederland moes herkersten. Hierdie deel van die bevolking is beskou as 'n "Christelike" staat binnê 'n (nie-Christelike) staat. Buite hierdie enger gereformeerde volksdeel was die "vyand". Van Weringh (1967, p. 118, 178) beweer dat Kuyper se einddoel was om die *pars christiana* met die nasionale sisteem te laat saamval: die antitese het dan universeel geword. Hierdie denkbeelde is via die teologie van Kuyper* en die opleiding van predikante na die grootste deel van die Afrikanerbevolking gekanaliseer en het algaande deel van die kulturele, politieke en kerklike insigte van die Afrikanervolk geword. Die denkbeelde is ook verder gevoed deur elemente afkomstig uit ander filosofiese strominge**. Samevattend sou gestel kon word dat die assimilasie van nie-reformatoriese elemente uit die denke van Kuyper daartoe aanleiding gegee het dat die religieuse onderbou van die Afrikanernasionalisme 'n duidelike aksentverlegging ondergaan het.

Die Nederlandse religieuse antitese-gedagte oorgedra op Suid-Afrikaanse bodem het 'n eiesoortige plant gekweek, gevoed uit die voedingsbron van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. As die beeld nie hierdeur oorspan word nie, sou gesê kon word dat sommige van die "kwalike" karaktertrekke van die Kuyperiaanse Calvinisme goed en gou in die Suid-Afrikaanse "aarde" wortelgeskiet het. Die Afrikanervolk is geleidelik geïdentifiseer met die Ou-Testamentiese verbondsvolk; Afrikaanse (profane) geskiedenis het langsamerhand heilsgeskiedenis begin word. Die religieuse antitese tussen geloof en ongeloof binne die volksbestel het plek gemaak vir 'n universalisering van die antitese, dit wil sê vir die feit dat die antitese met die nasionale sisteem saamval. Die "vyand" ook in religieuse sin was nie

* Die teologie van Kuyper is tot in die vyftiger- en sestigerjare aan Afrikaanse teologiese skole as deel van die formele teologiese vorming van die aspirant-predikante gedoseer.

** Die belangrikste lyne wat in hierdie verband gevolg behoort te word, is die van die denke van die Afrikanerdenkers van die twintiger- tot veertigerjare, onder wie J.D. du Toit, D.F. Malan, N. Diederichs, P.J. Meyer, H.G. Stoker en andere. Vgl. onder meer Gey Van Pittius, 1945, hoofstuk 2 en Van Heerden, 1972.

binne die volk gelokaliseer nie maar daarbuite: die imperialistiese, liberalistiese Britse kultuur en alle ander mengvorme daarvan, wat die suiwerheid van die eie volksbestaan bedreig het. Wanneer die Afrikanervolk met verloop van tyd die politieke mag in die land verwerf, word hierdie denkbeelde betreffende die organiese karakter van die volk, die verbondskarakter van die volk en veral die bykans eskatologiese taak van die Afrikanervolk in die denke van die Nasionale Party geassimileer. Die kenmerkende term waarmee die filosofiese en teologiese onderbou in empiries-historiese gestalte telkens gekwalifiseer is, is "Christelik-nasionaal" (Botha, 1970, p. 34 e.v.).

Die vraag wat nou in hierdie verband ontstaan, is of hierdie konsep in die lig van die geskets te ontwikkelinge as die vlag van die outentiek-Calvinistiese lading getipeer kan word al dan nie. Dat ons hier eintlik met 'n soort twee-terreineleer te make het, het verskeie outeurs reeds beweer*. Die twee terreine word op verskillende wyses omskryf en afgebaken, maar funksioneer dikwels as verwisselbare terme.

## 4.2 Gesekulariseerde nasionalisme

Die skisma is verel sterk in die hand gewerk deur die Murray-tipe van Calvinisme met die karakteristieke tweedeling van persoonlike geloofslewe en die "res" van die lewe. Hierdie "res" van die lewe word geleidelik ook met die benaming "nasie/volk" aangedui met die konnotasie soos in die voorgaande afdelings betoog. Tog kan moeilik ontkom word aan die indruk dat die universalisering van die religieuse antitese tot 'n vereenselwiging van volk en Godsvolk, in vennootskap met die organies-vitalistiese Kuyperiaanse Calvinisme en later versterk deur nasionaal-sosialistiese** aksente, onherroep-

* Vgl. Van der Walt, 1981, p. 396 e.v. Verskillende uitgawes van die tydskrif *Loog* het in die jare 1972 tot 1974 ook hierdie standpunt gehuldig.

** Van Jaarsveld (1979, p. 22) wys daarop dat in die veertigerjare die Duitse, Neo-Fichtiaanse idealisme en nasionalisme en die Neo-Calvinisme van Kuyper ter wille van volkseenheid saamgegaan het. Hoewel dit feitlik die geval was, hou 'n stelling soos hierdie uiteraard onvoldoende rekening met die feit dat daar tussen verteenwoordigers van hierdie twee standpunte radikale versille bestaan het. Die hoofstrydpunt was die visie op nasie en nasionalisme en die hooffigure N. Diederichs en dr. P.J. Meyer aan die een kant en H.G. Stoker en L.J. du Plessis aan die ander kant. Vgl. Diederichs, 1936, p. 33 en 122-5; Stoker, 1936.

lik tot 'n sekularisasie van die nasionalisme gelei het. Hierdie gesekulariseerde nasionalisme het nog in baie opsigte die trekke van die konfessionele oortuigings op die gebied van die politiek, die kultuur en die onderwys getoon, maar in feite het die nasionalisme *'n soort algemene* (Christelike) *grondnoemer* van die hele Afrikaanse bevolking geword, sodat die aanstootgewende konfessionele elemente noodwendig moes plek maak vir die meer algemeen aanvaarbare (gesekulariseerde) aangedien word maar wat in baie opsigte nie meer die lading bevat wat hierdie vlag sou kon dek nie.

Moontlik sou die beste bewys of illustrasie van hierdie feit die verdere verloop van die CNO-ideaal in die onderwys wees. Vroeër is reeds verwys na die twee teenoormekaarstaande posisies wat geleidelik met betrekking tot die konfessionele karakter van die onderwys van die Afrikaanssprekende kind uitgekristalliseer het, naamlik dié van die "confessionalists" teenoor die "permeationists" (Shingler, 1973, p. 137). In die loop van die historiese ontwikkeling van die onderwyssisteem blyk dit dat die tweede posisie geleidelik die sterkste invloed verwerf en daartoe lei dat 'n onderwyssisteem in die staat juis op die grondslae van die ou CNO-ideaal tot stand kom maar dan met die belangrike voorbehoud dat alle dogmatiese en kerklik-religieuse godsdiensonderrig uit die skool geweer moes word. Op tersiêre onderwysvlak neem dit die vorm aan van die gewraakte "gewetensklousule", wat bepaal dat geen navraag gedoen mag word na die religieuse oortuigings van doserende personeel van dergelike inrigtings nie. Wanneer in 1948 bepaal word dat die enkelmediummoedertaalskool die gewenste vorm van onderrig vir die primêre en sekondêre skool is, hang dit saam met 'n herformulering van die beleid van onderwys in die rigting van Christelik-nasionale onderwys, "... which moved towards the idea of a *state* system of unilingual confessional schooling for the Afrikaner *volk*" (Shingler, 1973, p. 132). Hier is dus sprake van 'n duidelike verskuiwing en herformulering van die CNO-ideaal. Die denkbeeld van 'n vrye konfessionele skool vir Afrikaanssprekendes binne 'n staatsverband gedomineer deur die Engelstalige kultuur en bevolking maak plek vir 'n onderwyssisteem beheer deur die staat en gebaseer op die seksionele, konfessionele oortuigings van die Afrikanervolk — *een* van die bevolkingskomponente van die staat. Geleidelik is die verbondenheid aan die konfessionele moment vervang met 'n sterker aksent op die nasionale. Die staat sou die verantwoordelikheid op hom neem, sou die konfessionele belange van die volk behartig en sou toesien dat die Christelik-nasionale karakter van die onderwys in die staatsonderwyssisteem gestalte kry.

Wat was die gevolge van hierdie verskuiwing? Twee belangrike uitvloeisels sou hier aangewys kon word:

Eerstens ondergaan die opvatting betreffende die aard van die "Christelike" 'n verskraling. Die Gereformeerde-Calvinistiese aksent maak plek vir 'n meer verskraalde opvatting. "Christelik" is nou primêr die erkenning van die soewereiniteit van God; maar ruimte vir enige spesifiek Calvinistiese leerstellige gebondenheid is daar kennelik nie. Die oorwinning van die "Christelike" in die onderwysstryd skyn dus slegs 'n skyn-oorwinning te wees. Iets wesenliks is in die proses ingeboet: die leerstellige inhoud van die konsep en die regstreekse beheer van die ouer oor die onderwys van die kind. Tweedens word die beskouinge van die Afrikaner*volk*, wat 'n deel van die Suid-Afrikaanse nasie uitmaak, tot die beleidsnorm vir die onderwys van die hele bevolking verhef. Hierdie ontwikkeling het ook 'n ander kant: dit hou nie rekening met dieselfde "konfessionele" eise van ander religieuse en lewensbeskoulike groepe binne die nasie of staatsvolk nie. Ten einde vir die wye spektrum van "Christelike" geloofsoortuigings binne die staatsbestel aanvaarbaar te wees moet dit noodwendig tot 'n verskraling van die inhoud van hierdie gedagte voer. Wat wesenlik in hierdie historiese proses gebeur het, is dat die primaat van die "Christelike" in die koppeling "Christelik-nasionaal" vir die omkering van hierdie beginsel ruimte moes maak. Die primaat is nou dié van die nasionale samelewing met die Christelike vervlak tot die breedste en mees algemeen aanvaarbare gemeenskaplike "Christelike" grondnoemer. Dat die onderwyssisteem "nasionaal" geword het, ly geen twyfel nie; dat die aard van die Christelike karakter daarvan vervlak het, nog minder. Shingler (1973, p. 149) skryf in hierdie verband: "The singular feature of Afrikaner nationalist thought is that what started as a conservative religious reaction to modernity* was transformed into a mode of its attainment". Hierdie toedrag van sake het teen die einde van die Unie van

* Shingler (1973, p. 149) skryf: "What is born in 1803 as a resistance to the erosion and displacement of confessional education by the secular outlook of the modern state had become in 1948 a doctrine of state education based upon the doctrinal infusion and transformation of the public realm. The Christian-Nationalism of the 1948 manifesto is a doctrine predicated upon the acquisition of office by the National Party and the pre-eminence of the Afrikaner*volk* in the state; Christian-nationalism prior to that date was, for over a century, a demand for state-subsidized confessional schools and a strategy for the survivel of the Afrikaner*volk*".

Suid-Afrika, aldus Shingler (1973, p. 292), die rol van die staat in die onderwys beklemtoon en veral die rol van die kontrole en die leiding van die onderwys "... which was nominally confessional but in practice largely secular and nationalist". Bowendien is hierdie onderwysbeleid so gekonsipieer dat dit vir al drie kerkgroeperinge van die Afrikaanse reformatoriese kerke aanvaarbaar moes wees — 'n toedrag van sake wat moeilik op iets anders as 'n kompromis kon uitloop.

In hierdie ontwikkelingsproses het verskeie (soms radikaal antitetiese) strominge ineengevloei. Hierdie strominge het, soos reeds betoog is, tot 'n sekularisasie van die nasionalisme gelei maar het ook meegebring dat Afrikanernasionalisme allermins as iets monolities gesien sou kon word; inteendeel, 'n verskeidenheid van nuanses is in sowel die geskiedenis as die huidige beeld van die Afrikanernasionalisme herkenbaar*.

## 4.2 Ten slotte

Dat die invloedslyne van die Calvinisme in die algemeen veel breër was as slegs die terrein van die nasionalisme met sy uitlopers in die politiek, onderwys en kerklike lewe, verg weinig betoog. Net so min verg dit enige betoog dat daar ten spyte van die bogenoemde ontsporingsontwikkelinge op verskillende plekke en op 'n verskeidenheid van terreine tog elemente van outentieke Calvinisme bly deurwerk het. Onkrities het die Afrikanervolk ook nie teenoor hierdie tendense gestaan nie. Dit bewys onder meer die standhoudende stroom van lojale kritiek wat onder meer uit die kringe van *Woord en Daad* te Potchefstroom gepubliseer is. 'n Juiste en ewewigtige beoordeling van hierdie ontwikkelinge word egter dikwels juis in die weg gestaan omdat die konsep van "Christelik-nasionaal" onvoldoende krities bekyk word. Vir vele impliseer die histories-gegroeide situasie en daarby inbegrepe tradisies eenvoudig die norm en word daar onvoldoende reformatories ook gekyk na die geskiedenis en die tradisies. 'n Historiesgeworde toedrag van sake, kan eenvoudig nie per definisie as normatief gebruik word nie. Aan die ander kant beoordeel die buitestaander (buite die histories-gegroeide nasionalisme en kultuur-

* Degenaar wys op verskillende nuanses wat in veral die moderne nasionalisme onderskeibaar is, te wete: demokratiese, religieuse, sekulêre, romantiese en totalitêre nasionalisme (Degenaar, 1978, p. 3).

lewe van die Afrikanervolk) dikwels alle ontwikkelinge bloot maar net as uitingsvorme van 'n ideologiese ingesteldheid. So 'n oordeel is ongenuanseerd en hou onvoldoende rekening met die kompleksiteit van die faktore wat 'n rol gespeel het en tans nog steeds speel in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner en die invloedsfeer van die Calvinisme. Dit is belangrik dat die kontoere van hierdie nuanses van die Calvinisme deeglik verreken word in enige beoordeling van die historiesgeworde toedrag van sake. Dit is verder ook van belang dat nie alles wat as Calvinisme aangebied word of deur outeurs as sodanig getipeer word, dan ook as Calvinisme kan deurgaan nie, allermins wanneer dit gebruik word ter sanksionering of karakterisering van bepaalde politieke ontwikkelinge en -standpunte. Selfs binne die Reformatoriese kerke waar, so sou daar geredeneer kon word, tog veel meer ruimte is om sonder vrees vir teenspraak van Calvinisme te praat, moet hierdie tipering met omsigtigheid gebruik word. Juis binne die kerke het die Calvinisme van sy belangrikste koerswysiginge ondergaan. Die universalisering van die antitese tot 'n nasionale in plaas van 'n religieuse antitese is mede deur die toedoen van die kerke en teologiese leerstellinge gedoen, sodat dit tog ruimte laat vir die moontlikheid om in bepaalde ontwikkelinge te praat van die ontwikkeling van 'n Afrikaner "civil religion" (Moodie, 1975). Om egter alle uitingsvorme van Afrikaner-nasionalisme of Calvinisme as sodanig te tipeer, verraai ontoereikende insig in die kompleksiteit van die ontwikkelingslyne van die Calvinisme in Suidelike Afrika.

**BIBLIOGRAFIE** (van gesiteerde bronne)
(Veel meer bronne is geraadpleeg.)


ANEMA, A. s.j. Kuyper en het staatkundig leven. (*In* Scholten, L.W.G., Smeenk, C. & Waterink, D.J. *red.* Dr. A. Kuyper Gedenkboek. Kampen : Kok.)

BEKOMMERD. 1935. Christus, die deur, die twee rigtinge van die Calvinisme. Kaapstad : HAUM. (Oorspronklik gepubliseer as 'n artikelreeks in *Die Kerkbode.*)

BELLAH, R.N. 1967. Civil Religion in America. *Daedalus,* 96(1):1-21, Winter.

BOTHA, M. Elaine. 1970. Volksorg in die Afrikaanse volkskultuur. Potchefstroom. (Ongepubliseerde proefskrif (D.Phil.) — PU vir CHO.)

CACHET, J. Lion. 1907. Niet om te twisten, maar ... om des gewetens wil. Potchefstroom : Het Westen.

COLIJN, H. s.j. Dr. Kuyper als nationale figuur. *(In* Scholten, L.W.G., Smeenk, C. & Waterink, J. *red.* Dr. A. Kuyper Gedenkboek. Kampen : Kok.)
DAVENPORT, T.R.N. 1965. The Afrikaner Bond. Cape Town : Oxford Univ. Press.
DEGENAAR, J.J. 1975. Philosophical roots of nationalism. *(In* Sundenmeir, T. *ed.* Church and nationalism in South Africa. Johannesburg : Ravan Press.)
DEGENAAR, J.J. 1978. Afrikaner nationalism. Occasional paper no. 1, Centre for intergroup studies, University of Cape Town.
DE GRUCHY, John W. 1979. The church struggle in South Africa. Grand Rapids, Eerdmans.
DE KLERK, W.A. 1976. The Puritans in Africa. A story of Afrikanerdom. Middlesex : Pelican.
DENGERINK, J.D. 1948. Critisch-historisch onderzoek naar het historisch ontwikkeling van het beginsel van souvereiniteit in eigen kring in de 19e en 20e eeuw. Kampen : Kok.
DIEDERICHS, N. 1936. Nasionalisme as lewensbeskouing in sy verhouding tot internasionalisme. Bloemfontein : Nasionale Pers.
DOUMA, J. 1966. Algemene genade. Goes : Oosterbaan en Le Cointre.
DU PLESSIS, J. 1919. The life of Andrew Murray of South Africa. London : Marshall.
DU PLESSIS, J.A. 1916. Op die spore van die Calvinisme in ons maatskaplike en staatkundige lewe. Potchefstroom : Geref. Studente Korps Veritas Vincet.
DU TOIT, J.D. 1908? Christelijke onderwijs. Met of zonder dogma. Lezing gehouden voor de Vereeniging van Christelijke Belangen te Pretoria op 25 Juni 1908. Pretoria : Vereeniging van Christelike Belange.
DU TOIT, J.D. 1917. Ds. S.J. du Toit in weg en werk. Paarl : Paarl Drukpers.
DU TOITS, S. *red.* 1961. Versamelde werke van J.D. du Toit. Johannesburg : Dagbreek Boekhandel.
GOUDZWAARD, B. 1977. Christelijke politiek en het principe van de "souvereiniteit in eigen kring". *Anti Revolutionaire Staatkunde,* 47(3):63-70, Maart.
GROEN VAN PRINSTERER, G. 1855. Narede van vijfjarige strijd. Utrecht : Kemink & Zoon.
GROEN VAN PRINSTERER, G. 1863. Vrijheid van Christelijk-nasionaal onderwijs in verband met scheiding van kerk en staat; parlementair fragment. Amsterdam : Höveker & Wormser.

HANEKOM, N.T. 1951. Die liberale rigting in Suid-Afrika. Stellenbosch : CSV.
HEXHAM, I. 1975. Totalitarian Calvinism. The Reformed (Dopper) community in South Africa, 1902-1919. Bristol. (Thesis (D.Phil) — University of Bristol.)
JOURNAL of Theology for Southern Africa, nos. 19 and 20, June and July, 1977.
KUYPER, A. 1900. La Crise Sud-Africaine. Extrait de la Revue des deux Mondes. Paris : Ferrier.
KUYPER, A. 1902. De Gemeene Gratie. Dl. I. Het geschiedkundig gedeelte. Amsterdam : Höveker & Wormser.
KUYPER, A. 1904. De Gemeene Gratie, dl. III. Amsterdam : Höveker & Wormser.
KUYPER, A. 1916. Anti-revolutionaire Staatkunde. Dl. I. Kampen : Kok.
KUYPER-ARCHIEF, Vrije Universiteit, Amsterdam. Correspondentie tussen: F. Lion-Cachet en A. Kuyper, 5 April 1882; F. Lion-Cachet en A. Kuyper, 11 July 1883 en S.J. du Toit en A. Kuyper, 6 July 1882.
KLUIT, M. Elisabeth. 1970. Het Protestantse Reveil in Nederland en daar buiten, 1815-1865. Amsterdam : Paris.
LANGEDIJK, D. 1953. De geschiedenis van het Protestants-Christelijke Onderwijs. Delft : Van Keulen.
MALHERBE, E.G. 1925. Education in South Africa (1652-1922). Cape Town : Juta.
MEYER, P.J. 1935. Die Afrikaner. Bloemfontein : Nasionale Pers.
MOODIE, T. Dunbar. 1975. The rise of Afrikanerdom. Power, apartheid and the Afrikaner civil religion. Berkeley, Los Angeles : University of California Press.
ROUSSEAU, J.J. 1977. The Social Contract. (*In* Social Contract. Locke Hume Rousseau. London : Oxford University Press.)
SCHUTTE, G.J. 1977. Mr. G. Groen van Prinsterer. Goes : Oosterbaan en Le Cointre.
SHINGLER, J.D. 1973. Education and political order in South Africa, 1902-1916. (Thesis (D.Phil) — Yale University.)
STOKER, H.G. 1936. *Die Volksblad,* 25 April.
STOKER, H.G. 1937. Ons stryd vir ons CNO-ideaal; 'n kritiese samevatting. *Koers,* 4(6):16.
STOKER, H.G. 1951. Die Calvinisme as wortel van ons volksbestaan. *Koers,* 19(4):162 e.v.
SCHOLTEN, L.W.G., SMEENK, C. & WATERINK, J. *red.* s.j. Dr. A. Kuyper Gedenkboek. Kampen : Kok.

SCHOLTZ, D.A. 1975. Ds. S.J. du Toit as kerkman en kultuurleier. Stellenbosch. (Proefskrif (D.Phil) — Universiteit van Stellenbosch) (Microfiche 76/100).
SCHOLTZ, G.D. 1974. Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner. Dl. III, 1854-1881, en dl. IV (1977), 1881-1899. Johannesburg : Voortrekkerpers.
VAN DER WALT, A.J.M., WIID, J.A. & GEYER, A.L. 1966. Geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad : Nassou.
VAN DER WALT, B.J. 1981. Anatomy of Reformation. Potchefstroom : PU for CHO. (Instituut vir die Bevordering van Calvinisme; Reeks F3 nr. 13.)
VAN DER WALT, P.D. 1963. S.J. du Toit. Vegter vir sy taal. Kaapstad : Human & Rousseau.
VANDER STELT, J.C. 1973. Kuyper's semi-mystical conception. *(In* Dooyeweerd, H. et al. The idea of a Christian philosophy. Toronto : Wedge.)
VAN HEERDEN, F. 1972. Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948. Bloemfontein. (Proefskrif (D.Phil) — UOVS)
VAN JAARSVELD, F.A. 1971. Afrikaner Quo Vadis? Johannesburg : Voortrekkerpers.
VAN JAARSVELD, F.A. 1979. Wie en wat is die Afrikaner? (Ongepubliseerde manuskrip.)
VAN PITTIUS, E.F.W. Gey. 1945. Aktuele politieke vraagstukke. Pretoria : Van Schaik.
VAN WERINGH, J. 1967. Het maatschappijbeeld van Abraham Kuyper. Assen : Van Gorcum.
VELEMA, W.H. 1957. De leer van de Heilige Geest bij Abraham Kuyper. 's-Gravenhage. (Proefskrif — VU, Amsterdam)
WOLDRING, H.E.S. & KUIPER, D.Th. 1980. Reformatorische maatschappijkritiek. Ontwikkelingen op het gebied van sociale filosofie en sociologie in de kring van het Nederlandse Protestantisme van de 19e eeuw tot heden. Kampen : Kok.